

My Eie Droombboek



Saamgestel deur C Du Plessis

Inleiding

Onthou dat drome nie noodwendig vir almal dieselfde betekenis het nie.

'n Droom is soos 'n foto wat 'n oomblik in jou lewe vasvang. Niemand kan hierdie foto beter ontleed as jyself nie, want net jy ken die persoonlike besonderhede van jou lewe.

Hierdie is 'n samestelling van verklarings wat ek versamel het oor 'n tydperk, wat ek saam gevat het in een dokument om dit makliker te maak vir my. Daarom dan is die verklarings en gesegdes in die boek nie altyd my eie nie.

Wat Gebeur Regtig In Droomland?

Vroue is sensitiewe wesens. Ons is ingestel op intuïsie, ons filosofer oor tekens en simboliek, ons neem besluite op gevoel ... en wanneer ons ná 'n besondere **droom** wakker word, wil ons graag glo dat daar méér agter die deurmekaar storielyn lê. Maar wat gebeur regtig in **droomland**? Wat is die betekenis van jou **droom** en is **drome** boodskappe van God?

Waar kom ons drome vandaan?

Die antieke Grieke en Romeine het geglo dis profetiese boodskappe van die hemele af. Die psigo-analis, Sigmund Freud, het geglo dat **drome** jou brein se manier is om die onvervulde wense en begeertes uit te leef. In die 1970's het twee navorsers van die Harvard Universiteit met die ongewilde teorie vorendag gekom dat ons **drome** niks anders as senuwee-impulse van ons brein is nie. Maar meer onlangse navorsing plaas ons terug op Freud se spoor. Navorsers kan nou al met verbeterde tegnologie bewys dat dit die emosionele deel van jou brein is wat die aktiefste is wanneer jy **droom**. Sommige sielkundiges meen juis dat die emosies wat jy in jou **drome** ervaar, belangriker is as die beelde wat jy sien of die situasies waarin jy jou bevind. Hulle raad is om te onthou wat jy gevóél het tydens jou **droom**. Was dit vrees, magteloosheid, frustrasie, vrede of geluk – en hoe pas hierdie emosie in by wat jy die afgelope ses dae (ook volgens navorsing) in die werklike lewe ervaar het?

Watter drome is belangrik?

Die **drome** wat die belangrikste is om oor na te dink is dié wat herhaal word, wat baie helder in jou gedagtes vassteek of wat later in die dag by jou opkom. Dis waarskynlik die dinge wat jou onderbewussyn onder jou aandag probeer bring.

Maar **drome** kan ook bonatuurlik geïnspireerd wees, soos Ira Milligan, skrywer van *Understanding the dreams you dream – Biblical keys for hearing God's voice*, glo. Hy sê dat net soos in die Bybel – soos onder andere met Josef, koning Nebukadneser, die farao van Egipte, Jakob – God vandag nog met mense, gelowig en ongelowig, deur **drome** praat.

“Maar,” voeg hy by, “net jý sal in jou binneste weet of jou **droom** iets besonder beteken of nie. Maak staat op jou *gut feeling*.”

Wat van droomsimboliek?

Vir Milligan is 'n **droom** soos 'n foto wat 'n oomblik in jou lewe vasvang. Niemand kan hierdie foto beter ontleed as jyself nie, want net jy ken die persoonlike besonderhede van jou lewe. Vir jou man kan 'n deur dalk net 'n toevalligheid in sy **droom** wees. Vir jou vriendin kan dit op 'n nuwe wending in haar lewe dui. Vir jou beteken dit dalk 'n blokkasie op jou pad.

In 'n gemeenskap waar die dra van klere 'n belangrike sosiale norm is, sal 'n droom waarin jy kaal is, heel moontlik daarop dui dat jy op een of ander manier ontbloot of weerloos voel.

Om te vlieg word weer algemeen geïnterpreteer as 'n gevoel van vryheid of *to be on top of things*.

Drome was hulle inspirasie

Stephen King, Paul McCartney, Abraham Lincoln en die skrywer van die Twilight-reeks sê almal dat drome 'n betekenisvolle invloed op hulle lewens gehad het. Baie van Stephen King se boeke is gebaseer op die drome wat hy kry.

Paul McCartney van die Beatles het vroegoggend in 1965 'n droom gehad oor 'n klassieke stryk-ensemble wat 'n besondere melodie speel. Gelukkig was daar 'n klavier langs sy bed. Hy het opgestaan met die deuntjie in sy kop, die note gaan tokkel en gehoor dat dit regtig iets spesiaals was. Die deuntjie het sy megatreffer Yesterday geword!

Vir Stephenie Meyer het haar Twilight-reeks ook met 'n droom begin. Sy vertel dat sy een oggend wakker geword het met 'n baie helder droom in haar kop van twee mense, 'n gewone meisie en 'n baie aantreklike vampier, wat in 'n woud gestaan en gesels het. Sy het die detail dadelik op papier vasgelê en die res is geskiedenis.

Die 16de president van Amerika, Abraham Lincoln, het baie waarde aan sy drome geheg en dit selfs ingespan wanneer hy groot besluite moes neem. 'n Paar dae voor sy sluipmoord het hy gedroom van mense wat verskriklik huil. Hy het in sy droom opgestaan en deur die huis gestap. In elke vertrek het hy dieselfde gehuil gehoor, maar daar was niemand nie. Uiteindelik het hy in 'n vertrek gekom waar 'n lyk in grafklere gelê het, omring deur soldate. Toe Abraham vra wie dood is, het een van die soldate geantwoord: "Dis die president."

Nie alle drome is lewensveranderend of boodskappe van Bo nie, maar dit kan jou help om jou gemoed en situasie beter te verstaan. Lekker droom!

(Skrywer - onbekend aan my)

Verstaan Die Taal Van Jou Drome

Deur Lydia van der Merwe, SARIE - Maart 2011

Jou drome word in jou eie private taal "geskryf". Dis hoekom die betekenis dikwels onduidelik is. Drome bevat boonop beelde, eerder as woorde.

Daar is universele simbole in drome, soos die see. Ons assosieer die see met emosies. Maar jy moet ook weet wat die see vir jou persoonlik beteken. As jy byna in die see verdrink het, gaan dit waarskynlik heeltemal 'n ander betekenis hê as vakansie en son. Ontleed 'n simbool totdat dit vir jou sin maak.

Jy droom meestal van jouself, al is die mens in jou droom iemand anders. Dus: Al is jou suster die "hoofkarakter" in die droom, is die droom se betekenis steeds op jôu van toepassing.

Droom jy van 'n baba of jong mense (veral van jou eie geslag), kan dit dui op 'n aspek van jouself wat jy nie ontwikkel het nie of ontken. Wat is dit in jouself waaraan jy aandag moet gee?

Droom jy van 'n dier, is dit waarskynlik óók op jouself van toepassing. Jy droom jou getroue hond byt jou. Het jy iemand vertrou wat jou seergemaak het?

Drome oor die dood beteken dikwels dat iets, dalk 'n deel van jou persoonlikheid of lewe, besig is om verby te gaan of minder belangrik te word.

Verstaan Jou Drome.

Deur Kobus Maree, SARIE - September 2008

Jou drome onthul jou diepste begeertes, behoeftes, vrese, fantasieë en frustrasies. Leer dié taal ken.

Glo maar jou drome. Dis jou psige wat met jou praat en jou dalk wil help om iets in jou lewe te verander.

Selfs nagmerries is nuttig. Meer as een of twee per jaar kan 'n waarskuwing van te veel onverwerkte trauma wees. Praat dan met iemand oor jou angste, pyn en hartseer.

Reekse drome met sekere aspekte wat ooreenstem - en wat oor 'n tydperk voorkom - is op hul beurt seine vanaf jou onbewuste dat jy aandag moet gee aan fasette van jou persoonlikheid, jou groei of selfverwesenliking. Verbind dit met mekaar deur byvoorbeeld te kyk wat die gemeenskaplike tema is, sodat jy sinvolle afleidings kan maak.

Geen twee mense se drome is dieselfde en beteken dieselfde nie. Jy kán 'n droom-woordeboek as breë riglyn gebruik, maar net as jy heeltyd jou eie gevoel oor 'n sekere simbool in ag neem. Besluit dus of die simboliek op jôu van toepassing is en interpreteer dit binne jou verwysingsraamwerk. Die universele simboliek vir 'n duif is bv. vrede. Maar jy is dalk doodbang vir een. Let dus op hoe jy in die droom en daarna voel.

Onthou só jou drome

Skryf jou drome neer as jy wakker word, ook in die nag.

* Hou pen en papier of 'n bandopnemtjie byderhand. As jy nie jou droom onmiddellik neerskryf nie, vergeet jy dit dalk. Of jy vergeet belangrike detail (soos kleure en emosies).

* Wanneer jy wakker word, vra jouself of jy gedroom het. Dink 'n oomblik na en skryf dit dadelik neer. As jy nie kan onthou nie, lê 'n rukkie en dink - soms skiet drome jou later te binne.

* Hou ook bedags skryfgoed byderhand ingeval jy skielik 'n droom onthou.

* Vertel vir iemand wat jy vertrou daarvan. Jy sal só later die temas in jou lewe herken waaraan jy aandag moet gee.

* Fokus op drome wat keer op keer voorkom, en let op na dinge wat telkens dieselfde is.

Kobus Maree is hoogleraar in die fakulteit opvoedkunde aan die Universiteit van Pretoria en 'n opvoedkundige sielkundige. Hy het verskeie boeke oor droom-ontleding geskryf.

Drome en die Bybel.

Matteus 2:19 - 22 (Ou vertaling 1953)

¹⁹ En ná die dood van Herodes het daar 'n engel van die Here in 'n droom aan Josef in Egipte verskyn

²⁰ en gesê: Staan op, neem die Kindjie en sy moeder, en gaan na die land van Israel; want hulle is dood wat die lewe van die Kindjie gesoek het.

²¹ En hy het opgestaan, die Kindjie en sy moeder geneem en in die land van Israel gekom.

²² Maar toe hy hoor dat Archeláüs oor Judéa koning was in die plek van sy vader Herodes, was hy bevrees om daarheen te gaan. En hy het 'n goddelike waarskuwing in 'n droom ontvang en na die streke van Galiléa terugkeer.

Matteus 27:19 (Ou vertaling 1953)


¹⁹ En terwyl hy op die regbank sit, het sy vrou na hom gestuur en gesê: Moet tog niks te doen hê met dié regverdige man nie, want ek het vandag in 'n droom baie gely om sy ontwil.

Handelinge 2:17 (Ou vertaling 1953)

¹⁷ En in die laaste dae, spreek God, sal Ek van my Gees uitstort op alle vlees, en julle seuns en julle dogters sal profeteer, en julle jongelinge sal gesigte sien, en julle ou mense sal drome droom.

▼ Kies

A B C D E F G H I J K L M N O P Q R S T U V W X Y Z



A

AANVAL

Jy word aangeval – Dit kan beteken dat jy onder baie stres is.

ABDY

As jy droom jy is in 'n abdy of katedraal, beteken dit toekomstige gerief, gemoedsrus en vrede. Kortom, jy sal nooit angstigheid of vrees ken nie.

AFWESIGE VRIENDE

Wat lewe maar siek is, beteken dat jy binnekort onaangename nuus gaan ontvang, maar as jy droom dat hulle gesond is, beteken dit dat hulle welgestel is en dat hulle vriendskap vir jou groei. As jy droom van die afsterwe van 'n afwesige vriend/in, beteken dit goeie nuus in verband met 'n huwelik.

AKADEMIE

As jy 'n dosent of professor is, beteken dit dat jou status by jou werk verlaag gaan word. Indien jy nog nie getroud is nie, gaan jou voorgename huwelik ongelukkig wees.

ALTAAR

As jy nagmaal gebruik in jou droom, gaan jy 'n baie ongelukkige tyd tegemoet. As jy verlief is, sal jou minnaar sterf of die verhouding finaal beëindig word. As jy 'n sakemens is, gaan jy swaar verliese ly.

AMPUTASIE

As jy droom dat een van jou ledemate afgesit word, beteken dit die afsterwe van 'n dierbare – vrou of man, kind, ouer of minnaar.

ANGS

Dis 'n teenstellende droom en beteken dat jou huidige ontsteltenis en vrees binnekort sal wyk.

ANKER

As die anker in die water is, is dit 'n slegte voorbode. Dit beteken teleurstelling en geeneen van jou wense sal bewaarheid word nie. As die anker deels in die water is en deels uit, sal jy binnekort op reis gaan. As 'n jongmeisie droom van 'n anker, beteken dit sy sal met 'n reisiger trou. As 'n vrou met 'n seun van 'n anker droom, beteken dit dat hy 'n matroos gaan word. As jy droom van 'n anker wat jy sukkel om te beweeg, beteken dit dat jy vooruitstrewend gaan wees en jy sal oor al jou vyande koning kraai.

APPELS

Dis 'n baie goeie droom en beteken 'n lang en gelukkige lewe, sukses in sake-ondernemings en in die liefde.

As 'n vrou van appels droom, beteken dit dat sy 'n seun sal hê wat rykdom en vreugde uit die lewe sal put.

▲ Terug

B

BABA

As jy droom dat jy 'n baba sus, beteken dit hartseer en ongelukkigheid en teleurstelling in die liefde. As jy droom jy sien 'n siek baba, beteken dit die dood van een van jou familielede. As 'n jong vrou droom sy kry 'n baba, gaan sy voor die versoeking gestel word van 'n buite-egtelike verhouding, of moontlik gaan haar vriend of minnaar haar in die steek laat. As 'n jongman droom hy is getroud en hy sus 'n baba, voorspel dit dat sy geliefde hom gaan teleurstel, of dat sy sal sterf.

BAD

As jy droom jou badwater is skoon, sal jy vooruitstrewend wees en liefde en geluk vind. Maar as die water vuil en modderig is, sal jy niks anders hê nie, as armoede, hartseer, verdriet en jou gesondheid sal veel te wense oorlaat.

BAK

As jy droom jy bak brood, beteken dit hartseer en verdriet en afsterwe in die familie, of as jy nog jonk is, die dood of ernstige siekte van jou geliefde.

As jy droom jy bak pasteitjies, tert, ensovoorts, beteken dit dat jy iemand gaan help met 'n troue, of dat jy self binnekort in die huwelik gaan tree.

BAKLEI

Daar gaan groot onmin kom in die familie, misverstande tussen geliefdes of tydelike skeiding.

As jy droom jy verloor 'n geveg, beteken dit die nydigheid van jou vyande gaan erger word en hulle gaan slaag met wat hulle ook al teen jou beplan.

As jy egter as oorwinnaar uit die stryd tree, gaan jy jou vyande oorwin.

Dis 'n slegte droom vir 'n handelaar, 'n soldaat en 'n matroos.

BAL (dans)

As jy mense tydens 'n bal sien dans en jy is self daarby betrokke, beteken dit vreugde, ontspanning, en geluk.

Dit voorspel dat jy 'n groot som geld gaan ontvang, of baie goeie nuus.

In liefdesake voorspel dit geluk en sukses en dat jy 'n groot gesin gaan hê, bestaande uit seuns en dogters wat vir jou groot vreugde sal bring.

BANG

Dit beteken net mooi die teenoorgestelde.

Dit voorspel dat jy in alle ondernemings sal slaag in die toekoms en dat jy nooit bang sal wees om iets te waag nie. Selfs in jou liefdeslewe sal alles voor die wind gaan.

BANKROT

Hierdie droom dien as waarskuwing ingeval jy dit oorweeg om iets aan te pak waarin jy kan seerkry en ook dat jou vriende jou moontlik in die steek kan laat.

Wees dus uiters versigtig met enige transaksie wat jy beoog om aan te knoop.

Selfs in jou liefdeslewe – vra jou vriende se raad, want deur hulle te betrek by jou probleme, kan jy hulle dalk aan jou kant kry.

BED

As jy self in die bed is, beteken dit dat jy jonk sal trou, maar as jy 'n bed opmaak, beteken dit verhuising, en dat jy 'n geruime tyd van jou huis af sal weg wees.

As jy droom jy sit op 'n bediende se bed, beteken dit dat jy binnekort gaan trou.

BEWONDER

As jy 'n ander bewonder, beteken dit jou geliefde het net jou lief en as jy ongetroud is, beteken dit jou vriend/in bedoel dit ernstig met jou.

As jy droom mense bewonder jou, gaan jy baie vriende bykry.

BEURSIE

As jy droom jy tel 'n beursie op, beteken dit dat jy ryk gaan trou en dat jy 'n groot gesin sal hê en ook baie eiendom.

As jy droom jy verloor jou eie beursie, voorspel dit jou siekbed of die van jou geliefde.

BLARE

As die bome bedek is met pragtige, groen blare, sal jy vooruitstrewend wees.

Jou sake sal floreer en jy sal suksesvol wees in jou ondernemings.

Dis 'n besonder, dog rare droom vir verliefdes. Nooit sal jou geliefde jou in die steek laat nie.

As jy benewens die blare nog blomme ook sien, beteken dit jou voorgenome huwelik en ongelooflike geluk.

Maar as die blare verweer is, op die punt om af te val, is dit nie so goed nie. Dit voorspel mislukking, 'n misoes vir die boer, teleurstelling in die liefde, verlies aan vriende deur ontrouheid of die dood.

BLOED

Dis 'n verskriklike droom.

As jy dit aan jouself sien, of aan 'n andere, beteken dit die skielike afsterwe van 'n familielid, verlies van eiendom en ontsettende teleurstelling.

As jy dit op die punt staan om te trou, sal iets voorval om dit te verhoed en as jy droom dat jy bloed aan jou hande het, gaan jy verantwoordelik wees vir 'n besering aan iemand, hetsy deur 'n ongeluk of opsetlik. Wees voorbedag!

BLOEDING

As jy 'n plek aan jou liggaam het wat bloei, voorspel dit ongeluk, veral as jy droom dat dit nie gestop kan word nie.

Dis die voortekene van siekte en 'n gesukkel deur die lewe.

BLOMME

As jy droom jy pluk pragtige, geurige blomme, is dit 'n teken van vooruitgang en vooruitstrewenheid. Jy sal baie gelukkig wees in al jou ondernemings.

As jy blomme in 'n ruiker saambind, beteken dit dat jy 'n goeie huwelik gaan doen.

Maar as die ruiker los val en die blomme versprei raak, gaan al jou hoop, drome en vooruitsigte soos woestyn sand verwaai word.

As jy van verlepte blomme droom, beteken dit siekte en naderende dood.

BOEKE

Dis 'n baie goeie teken en voorspel 'n aangename toekoms.

As 'n swanger vrou droom sy sien 'n klomp boeke, beteken dit die geboorte van 'n seun wat vë sal vorder in die lewe.

As 'n jongmeisie van boeke droom, voorspel dit dat sy met 'n geleerde in die huwelik gaan tree.

BOME

As jy droom jy sien pragtige bome met ryk en digte blare of vrugtebome vol bloeisels of vrugte, sal ongewone geluk en rykdom jou te beurt val in boerdery-, handel- of huwelik sake.

As 'n verliefde droom hy/sy sien bome vol bloeisels of vrugte, beteken dit hy/sy gaan 'n goeie huwelik tegemoet, dat die persoon nie sal te kort skiet aan aardse besittings nie, en dat hy/sy baie kinders sal hë.

As jy sien hoe bome afgekap word of – gesaag word, beteken dit verlies aan vriendskap en ook in sakeondernemings. Dit kan ook die afsterwe van 'n vriend/in beteken, of dat hulle verhuis.

As jy droom jy klim in 'n boom, beteken dit dat jou lewenspad vorentoe opdraand gaan wees.

BOORD

As jy aan boord is en die water is kalm en die weer aangenaam, gaan jy 'n vooruitstrewende sake-onderneming hë, en as jy reeds een het, sal dit net goed met jou gaan in die toekoms. Jy sal geluk en tevredenheid hë in jou huwelik.

As die water egter onstuimig is, sal jy jou lewe lank hard moet werk.

As jy in die water val, gaan jy opdraandes kry.

BOTTEL

As jy droom die bottel is vol wyn, beteken dit toekomstige geluk, maar as die bottel leeg is, is dit 'n teken dat 'n gedugte vyand van jou in besit is van een van jou geheime wat, as dit bekend gemaak word, jou groot skade kan berokken.

As jy uit die bottel drink, is dit 'n teken dat jy iets onderduims beplan teenoor 'n jonger persoon wat, as jy dit tot uitvoer bring, jou karakter ernstig onder die soeklig gaan plaas en kan skaad.

BREEK

Om enigiets te breek, is ongelukkig maar as jy een van jou ledemate breek, is dit naderende siekte.

As jy droom jy breek tafels en stoele of enige ander meubelstuk, voorspel dit bankrotskap.

As jy 'n venster breek, voorspel dit diefstal of brandgevaar.

'n Spieëel beteken die afsterwe van 'n vriend of familielid, buurman of iemand na aan jou.

Erdeware of glas beteken diefstal deur 'n bediende en as 'n vrou droom sy breek haar trouing, beteken dit die dood van haar eggenoot.

BRIEF

As jy een ontvang, beteken dit soms dat jy 'n geskenk gaan kry, of ten minste onverwagte nuus van 'n persoon van wie jy jare lank nie gehoor het nie.

As jy 'n brief wegstuur, beteken dit dat jy binnekort 'n goeie daad sal verrig.

BRUG

As jy die brug in die daglig oorsteek, beteken dit 'n verandering van situasie.

As enigiemand jou voorkeer, sal jou geliefde jou kul, maar as jy sonder voorval aan die anderkant kom, sal jy slaag in jou ondernemings en sal dit met jou goed gaan.

As jy droom jy stap in die rigting van 'n brug wat gebreek het, moet jy mooi dink voordat jy enige verandering maak want jy sal dalk nie suksesvol wees nie.

BRUID, BRUIDEGOM OF GEVOLG

Dis 'n teenstellende droom.

As jy enige van bogenoemde pligte vervul, hetsy bruid, bruidegom, strooimeisie, strooijonker, blomme-meisie of hof knapie, gaan jy baie ongelukkig wees.

Dis die voorloper van groot hartseer en teleurstelling en die dromer sal in alle waarskynlikheid binnekort die hoof rou-beklaer wees by 'n begrafnis van 'n dierbare vriend/in of kennis.

BUL

As 'n waansinnige bul jou jaag, beteken dit dat jy baie kwaadwillige vyande het en dat baie skinderstories en lasterlike dinge omtrent jou die rondte sal doen. Dit sal ondermynend wees en jou karakter beswadder. So erg sal dit wees dat jy gevaar gaan loop om selfs van jou getrouste vriende te verloor. As jy verlief is, sal jou geliefde in groot gevaar verkeer en hy/sy sal 'n ongeluk net-net vryspring.

BYE

Dis 'n goeie voorteken en voorspel dat jou onderneming baie suksesvol sal wees.

Dis altyd 'n goeie voorteken om van bye te droom, vir die rykes beteken dit waardigheid en eer en vir die armes sukses en 'n gerieflike aftrede.

Vir die wat verlief is, beteken dit 'n gelukkige huwelik en 'n groot gesin wat 'n seën gaan wees vir hulle ouers.

▲ Terug

C

Geen inligting

▲ Terug

D

DANS

Dit beteken groot eer en roem gaan jou te beurt val, jou planne sal slaag in wat jy ook al aanpak en jy sal die hand van 'n waardevolle eggenoot wen.

DIAMANT

Dit beteken vaste en voortdurende rykdom.

As 'n verliefde van een droom, beteken dit dat sy/haar toekomstige eggenoot so goed sal wees soos 'n diamant, so getrou soos jy wil hê.

As 'n sakeman van 'n diamant droom, sal groot wins in sy skoot val.

Seevaarders wat daarvan droom, sal groot geluk beleef.

En kinderlose egpare, sal kinders kry.

DEUR

Dit kan beteken dat daar 'n blokkasie op jou pad vorentoe is.

DIERE

Kan dui op instink of jou emosionele natuur. Die assosiasie wat jy met die tipe van dier in die regte lewe maak, kan dui op wat dit in jou droom verteenwoordig.

DONKERTE

As jy in die donkerte rond ploeter en nie jou weg kan vind nie, beteken dit 'n onaangename wending in jou sake deur jou eie toedoen, dat jy jouself gaan betrek by iets onaangenaam.

Maar as jy droom dat jy wel uit die donkerte uitkom aan die ander kant, sal jy, indien jy nou 'n moeilike tyd beleef, jou goeie gesondheid, geld en jou goeie naam en aansien herwin.

Dit kan dui op iets wat in jou onderbewussyn doenig is.

DONKIE

Dit beteken dat watter probleme daar ook al sal opduik, jy dit deur geduld en diplomatie sal kan afweer en dat alles op die ou end goed sal verloop.

As 'n jongmeisie van 'n donkie droom, beteken dit haar toekomstige eggenoot wel nie ryk sal wees nie, maar dat sy 'n gelukkige en kommervrye huwelik sal hê en dat haar man haar sal begryp, pleks daarvan om hardkoppig en voortvarend te wees.

DOOD

Sien ook sterf.

Dis 'n droom van teenstelling en beteken 'n lang en gelukkige lewe.

Vir die ongetroude beteken dit 'n goeie huwelik maar as 'n sieke van die dood droom, gaan dit gewoonlik die dood vooruit.

DOODMAAK

As jy sien hoe iemand 'n voël of dier doodmaak, beteken dit dat jou geliefde se oë sal begin dwaal en dat hy op die ou end vir hom 'n ander meisie sal kry en jou in die steek sal laat.

Vir 'n getroude vrou beteken dit dat 'n valse vriend van haar man onbehoorlike voorstelle aan haar sal doen.

DOODSKLOK

As jy droom jy hoor die temerige gelui van 'n doodsklok, beteken dit persoonlike siekte, of siekte in die familie, ook ongelukkigheid en groot moeilikheid.

Dis nie 'n gunstige droom vir iemand wat verlief is nie want dit beteken dat hy/sy sal nie met sy/haar huidige geliefde in die huwelik tree nie, maar dat hy/sy heel moontlik by sy/haar graf sal treur.

Dit voorspel ook geen goeie toekoms vir 'n sakeman nie.

En as jy die wet oortree sal jy, waar jy moontlik in die verlede suksesvol was, nou uitgevang word.

DOOIE

Om van jou familie en vriende wat reeds dood is, te droom, beteken dat jy of jou familie groot geestelike lyding tegemoet gaan.

As jy egter droom hulle is gelukkig waar hulle hul bevind, is dit 'n gunstige teken.

DRANKIE

As jy droom jy les jou dors by 'n fontein met helder water, is dit 'n teken van vreugde en geluk.

As jy dors is en niks kan kry om jou dors mee te les nie, sal jy alles wat jy in die toekoms aanpak, sonder hulp moet doen. Jy sal op jouself moet staatmaak.

As jy aan dorstiges iets gee om te drink, spreek dit van 'n simpatieke geaardheid en dat jy dit tot uiting kan laat kom in naastediens.

DRYFSAND

As jy in dryfsand beland, beteken dit dat jy omring is deur baie versoekings en jy potensieel boos is van aard, hoewel jy dit self nie weet nie.

Jy sal baie teespoed en teenkanting kry deur jou eie toedoen en vinnige optrede en daardeur gaan jy jou reputasie skaad.

DUIWE

Dis 'n baie gelukkige droom en voorspel bewonderenswaardige vooruitgang in sake, permanente goedkeuring van vriende en vrede in die familie.

As jy iemand liefhet, sal jou liefde tienvoudig terug gegee word.

As jy 'n tortelduif hoor, is dit egter die voorspelling van die afsterwe van 'n dierbare vriend.

As jy droom dat 'n duif geskiet word, beteken dit dat sy liefde nie hopeloos is nie, maar dat hy/sy die geliefde gaan verloor en 'n wewenaar/weduwee gaan wees.

Dit beteken dieselfde vir 'n jongvrou met die verskil dat sy vroeg in haar lewe weduwee sal wees.

DUIWEL

Dis 'n skokkende droom en word gewoonlik net gedroom deur sy gesante want dit voorspel 'n groot boosheid wat die vader van alle euwel en leuens op hulle sal bring.

Dis veel beter om 'n goeie paadjie te bewandel.

▲ Terug

E

EET

As jy droom jy eet self, is dit 'n ongelukkige voorspelling want dit gaan gewoonlik familiestruweling vooraf, ook die skeiding van geliefdes, verliese in sake-onderneming, misoeste en ongelukke.

As jy egter saam met ander mense eet, beteken dit gekose vriendskap en sukses in jou loopbaan.

As jy en jou huweliksmaat saam eet, sal julle voorspoedig wees en mekaar liefhê tot die dag van jul dood.

EGBREUK

As jy droom dat jy voor die versoeking staan om hierdie misdaad te pleeg maar dit suksesvol weerstaan, gaan goeie gesondheid en voorspoed jou lewe in die toekoms kenmerk en jy sal goed geld maak, al jou planne en skemas sal slaag.

Maar as jy droom dat jy toegee, voorspel dit allerhande probleme en onaangenaamhede, jou vooruitsigte gaan aan skerwe breek en hartseer en wanhoop sal jou die res van jou lewe bybly.

EGGENOOT

As jy droom jy het een, beteken dit net die teenoorgestelde - jy sal nooit een hê nie.

'n Droom dat jy verlief raak op iemand anders se man, voorspel hopelose begeertes en ongeluk in die toekoms.

Maar as 'n weduwee droom sy het 'n man en hy glimlag met haar, beteken dit dat sy binnekort 'n huweliksaanbod gaan kry en dat sy dit sal aanvaar.

EGSKEIDING

Dis ook 'n teenstellende droom.

As 'n getroude persoon droom hy/sy dagvaar sy/haar eggenoot vir 'n egskeiding, is daar geen vrees in die toekoms nie, want dit beteken die getrouheid van sy/haar genoot in die eg.

EIERS

As jy baie eiers bymekaar sien, beteken dit sukses in jou onderneming en in die liefde.

Dit beteken ook 'n gelukkige huwelik en goeie kinders en groot vooruitgang.

As jy hoop op 'n beter posisie op kantoor, sal dit toegestaan word en jy sal bevordering kry.

As jy egter droom dat die eiers vrot is, beteken dit ontroue en bedrieglike vriende en geliefdes.

As jy droom jy eet eiers, gaan groot geluk jou te beurt val.

EILAND

As jy jou op 'n afgesonderde eiland bevind, beteken dit die dood van jou geliefde.

As dit 'n vrugbare eiland is, vol plantegroei, beteken dit dat jou huidige geliefde ontrou gaan wees, maar dat jy binnekort iemand beter gaan ontmoet wat jou waardig is.

ENGELE

Dis 'n wonderlike droom en 'n teken van groot vreugde.

As jy droom jy is saam met hulle, beteken dit wonderlike vriende en dat jy vooruit sal gaan in die lewe, dat jy vreugde en vrede sal ondervind, geluk sal jou deel wees.

Vir getroude vroue beteken dit 'n groot en goeie gesin, as sy van twee engele droom, gaan haar volgende kinders 'n tweeling wees.

Dis 'n goeie voorloper vir verliefdes -- hul huwelik sal goed verloop en hulle sal goeie vriende hê.

'n Engel - kan jou behoefte aan raad en leiding of die stem van die goeie in jou verbeeld.

ERGERNIS

Dis 'n teken dat jy baie vyande het wat jou kwaad wil aandoen en jou niks goed toewens nie.

▲ Terug

F

FEE

Om van 'n fee of feë te droom, is die hoogtepunt van goeie voorspellings en 'n wonderlike, geseënde lewe vorentoe.

FLIEK

Jy is onbewus van jou eie sonde.

▲ Terug

G

GEBOORTE

Vir getroude vroue om te droom dat hulle geboorte skenk aan 'n kind, beteken dat sy 'n goeie en 'n wonderlike lewe vorentoe sal hê.

Maar vir 'n ongetroude meisie beteken dit dat sy in gevaar staan om haar maagdelikheid te verloor.

GEBOU

As jy 'n groot aantal nuwe geboue sien, beteken dit dat jy binnekort ver weg sal gaan waar jy veel gelukkiger gaan wees en gaan ontvlug aan wat een van jou geheime vyande aan jou wou doen.

As die geboue groot en oorweldigend is, gaan jy baie gelukkig en vooruitstrewend wees.

As jy droom van paleise, beteken dit rykdom en eer, maar as hulle klein, donker en mistroostig is, sal jou omstandighede minderwaardig wees.

As die geboue onvoltooit is, en jy doen navraag waarom dit die geval is maar niemand kan jou antwoord nie, is dit 'n teken dat jy gaan sukkel om jou doelwit in die lewe te bereik en dat jy sal sterf voordat jy daarin kan slaag.

'n Huis of gebou - 'n Kelder kan dui op jou diepste emosies, 'n hysbak op emosies wat erg wipplank ry en 'n dak wat lek dat jou verdedigingsmeganismes om die dinge in jou onbewuste te begrawe nie meer behoorlik werk nie.

GELD

As jy geld uitbetaal in jou droom, beteken dit dat jou onderneming so vooruitstrewend is, dat jy dit kan bekostig om dit te doen.

As jy geld ontvang, beteken dit die geboorte van 'n kind, of oor die algemeen vooruitstrewendheid.

As jy geld ontdek of optel, voorspel dit skielike bevordering en vooruitgang deur sake of 'n goeie huwelik.

Jy tel geld op - Jy besef die lewe is kort en wil dit geniet voor dit verby is.

GESIGTE

As jy droom jy sien jou eie gesig in die spieël is dit 'n teken dat jou geheime planne op die lappe gebring gaan word en dat jy sal misluk.

As jy enige vreemde gesigte sien, beteken dit 'n verandering van jou huidige woonplek en kennis.

As jy in jou droom na die gesigte van vriende en familie staar, is dit 'n voorteken van 'n partyjie of 'n huweliksbevestiging waarheen jy genooi gaan word.

GETALLE:

Sien ook onder nommers vir meer.

Die getal 420 beteken eensaamheid.

GEWEER

As jy 'n gewerskoot hoor in jou droom, voorspel dit naderende nuus oor die afsterwe van 'n vriend of familielid en dit beteken ook dat jy deur jou vyande belaster gaan word. Maar, soos die eggo van die knal van die geweer, sal daardie teenstand en teenkanting ook gou verdwyn en wegsterf.

As 'n verliefde persoon 'n gewerskoot hoor in sy drome, beteken dit dat 'n teenstander vasbeslote is om jou die loef af te steek, of hom op jou te wreek.

Dit voorspel ook ongeluk aan 'n sakeman. Hy sal groot verliese ly as gevolg van slegte skuld.

GOUD

Dit beteken net die teenoorgestelde. Dis 'n voorteken van armoede en wanhoop. Enige spekulاسie wat aangeknoop gaan word, sal rampspoedige gevolge hê. Wees op jou hoede.

As jy droom jou geliefde het baie goud, kan dit wees dat julle nie ooreen gaan kom in die toekoms nie, nog minder na die huwelik. Dit sal 'n huwelik wees gedoem tot ondergang.

Goud is dikwels die voorloper van siekte, hartseer en ongeluk.

GRAF

As jy droom jy staan by 'n oop graf, beteken dit die ondergang van of teleurstelling in 'n goeie vriend of familielid.

GRAFSTONE

As jy in jou droom tussen grafstene stap, voorspel dit 'n huwelik en as jy jou eie grafsteen bestel, gaan jy binnekort self in die huwelik tree.

Maar as jy 'n grafsteen sien verkrummel, gaan 'n groot siekte jou familie tref.

As jy saam met iemand stap en grafstene bewonder, is jou toekomstige eggenoot die regte een.

As jy die grafstene van diegene wat 'n heldedood gesterf het sien, gaan jy binnekort rykdom en eer geniet.

H

HALSSNOER

As jy 'n duur en pragtige halssnoer in jou droom dra, gaan jy binnekort 'n ryk persoon ontmoet met wie jy 'n lang en gelukkige verhouding sal hê totdat julle eendag trou en gelukkig saam sal wees. Julle gaan baie kinders hê, meesal dogters en hulle sal 'n plesier wees in die lewe. Hulle sal self pragtig wees as hulle groot is, en ryk trou.

As 'n vrou droom sy breek die halssnoer en verloor van die juwele, gaan haar kinders jonk sterf en sy sal arm wees wanneer sy die dag oud is.

HANDE

As jou hande vasgebind is, gaan jy teenkanting en probleme hê waaruit jy gaan sukkel om los te kom. As jy hande skud met iemand, gaan jy vriendskap sluit, nadat jy verskil het van iemand anders gaan jy 'n langverlore vriend tuis welkom heet.

As jou hande vuil is, loop jy gevaar om in 'n oneerlike saak betrokke te raak of om te misluk in jou onderneming waarna jy moontlik ontslaan gaan word uit jou pos. Wees op jou hoede!

HARE

As jy weelderige hare het, wag daar voorspoed en gesondheid op jou.

As jou hare uitval, beteken dit vir die sakeman swak besluite en ondernemings, vir die eggenoot dat sy vrou ontrou is aan hom en omgekeer en vir die geliefde die afsterwe van sy voornemende eggenoot/ote.

As jou hare grys word, beteken dit jou gesondheid gaan jou in die steek laat, of dat jou onderneming agteruitgaan of die afname van jou geliefde se toegeneentheid.

HOND

As die hond vriendelik is en hy nooi jou om sy kop te krap, gaan jy baie getroue vriende ontmoet.

Maar as die hond jou byt, gaan jou beste vriend jou grootste vyand word.

As die dier net vir jou blaf, gaan jy 'n potjie loop met jou vriend of geliefde en hulle sal probeer om jou leed aan te doen, maar nie daarin slaag nie.

HONGER

As jy baie honger is, gaan jy deur middel van jou eie vasberadenheid en deursettingsvermoë opgang maak in die wêreld totdat jy rykdom en aansien geniet.

Vir die geliefde is daar 'n onaangename boodskap in -- jou geliefde sal op 'n reis gaan voordat julle sal trou maar daarna sal dit goed gaan.

HORLOSIE

As jy 'n horlosie hoor slaan, wag daar 'n vroeë huwelik op jou en jy sal gerieflik lewe.

As jy die ure aftel in die voormiddag of oggend, beteken dit baie geluk, maar as jy droom jy doen dit in die namiddag, gaan ongeluk en gevaar jou metgesel word, jou valse geliefde gaan vir hom iemand anders kry.

As die horlosie nie die volle getal slae op die spesifieke ure aftel nie, beteken dit swak gesondheid.

HUIL

Dis 'n teken dat jy baie vreugde gaan ondervind as jy self die persoon is wat huil. In jou onderneming sal jy uiters suksesvol wees en as jy besluit om te spekuleer, sal dit voor die wind met jou gaan. Jy gaan wel gedwarsboom word in jou liefde, maar jy gaan later rede hê om te juig omdat jy iemand gaan kry wat soveel beter en betroubaarder is as die aanvanklike geliefde. Uiteindelik sal jou wolke, selfs in familie-argumente tuis, 'n silwer randjie hê.

HUIS

As jy droom van jou kindertuiste en wat jy toe gedoen het en waarom en die droom sluit jou eertydse kindervriendjies in, is dit 'n voorbode van gesondheid en welgesteldheid. Vir die verliefde persoon beteken dit ware en eerlike toegeneentheid van sy/haar geliefde en uiteindelik 'n gelukkige huwelik. Jy sal heelwat kinders hê en elkeen sal goed vaar. Vir die huislike man is dit 'n goeie teken.

'n Kelder kan dui op jou diepste emosies, 'n hysbak op emosies wat erg wipplank ry en 'n dak wat lek dat jou verdedigingsmeganismes om die dinge in jou onbewuste te begrawe nie meer behoorlik werk nie.

I

IVOOR

Dis 'n wonderlike droom en voorspel net alles wat goed is vir enigiemand wat so gelukkig is om ivoor te sien in sy slaap. Vir die armes rykdom, vir die sukkelaars voorspoed, vir die eensames, vriende en geliefdes. En selfs vir die siekes, gesondheid.

▲ Terug

J

JAAG

Jy word gejaag – Dit kan beteken dat jy onder baie stres is.

JAKKALS

Jy het 'n sluwe, onderduimse vyand wat in der waarheid voorgee om jou vriend te wees. Maar wees gewaarsku -- hy sal geen steen onaangeraak laat om jou kwaad aan te doen nie maar gelukkig sal feitlik alles wat by probeer om jou te skaad, teen horn draai en sal jy as oorwinnaar uit die stryd tree. As 'n jakkals jou byt, gaan jy ergerlik wees jeens 'n teenstander wat jou hand in die as slaan by jou besluitelose geliefde. Maar jou verlies gaan op die ou end jou vreugde wees, hoewel dit nie aanvanklik so sal lyk nie.

JALOESIE

Jaloesie teenoor 'n eggenoot, beteken groot probleme en onsekerheid.

As jy jou eie sakeonderneming het, kan jy seker wees daarvan dat jou sake onderbreek en ondermyn gaan word uit onverwagse oorde en gebeurtenisse, jy gaan groot geldelike teleurstellings ondervind en probleme en ergernis as gevolg van mislukkings van persone met wie jy sake doen, en ook as gevolg van onbetaalde tjeks uit ander oorde.

As jy droom iemand anders is op jou jaloers, verwag misverstande, wantroue en vernietigde vriendskappe. Maar moenie wanhoop nie -- op die ou end kom alles reg.

JUWELE

Dis altyd 'n goeie droom, die voorloper van rykdom en voorspoed.

As jy droom jou geliefde gee vir jou juwele, is dit 'n teken dat by dit ernstig en eerlik met jou bedoel en dat hy gewis en seker met jou gaan trou.

As 'n jongman droom hy sien sy geliefde getooi in juwele, en hy is tevrede daarmee, beteken dit 'n gelukkige huwelik en dat sy vrou 'n lieflike maat gaan wees.

Om te droom dat jy en jou geliefde albei staan en kyk na juwele, beteken dat julle gelukkig en welaf sal wees en gelukkige kinders gaan hê.

Die droom is ook 'n goeie voorteken vir die sakeman, die reisiger en die boer.

Jy tel juwele op - Jy besef die lewe is kort en wil dit geniet voor dit verby is.

▲ Terug

K

KAAL

Sien ook onder naak.

In 'n gemeenskap waar die dra van klere 'n belangrike sosiale norm is, sal 'n droom waarin jy kaal is, heel moontlik daarop dui dat jy op een of ander manier ontbloot of weerloos voel.

Om kaal in die openbaar te wees kan jou gevoel van weerloosheid in die werklike lewe weerspieël. Jy is kaal - 'n Kulturele taboe verhinder jou dalk om die mens te wees wat jy wil en kan wees. Of die mense het 'n kant van jou gesien wat jy nie graag wou wys nie en jy is bekommerd oor wat hulle van jou dink.

KAALKOP

Dit beteken naderende siekte. As 'n jongmeisie droom haar geliefde is kaalkop, beteken dit dat hy nie lank genoeg sal bly lewe om met haar te kan trou nie. As sy droom sy is self kaalkop, beteken dit naderende armoede en oujongnooiskap.

KAART

As jy die kaart bestudeer, beteken dit dat jy jou geboorteland gaan verlaat en jare lank in die buiteland woon. Maar eindelijk sal jy terugkeer na jou eie land.

As jy na 'n leë kaart kyk, gaan jy arm terugkom maar as dit 'n goedgevulde kaart is, gaan jy baie ryk wees as jy terugkom en jy gaan 'n goeie oudag tegemoet.

As 'n vrou droom sy bekyk 'n kaart, toon dit dat haar man en seuns entoesiastiese reisigers gaan wees.

KATJIE

As jy met die diertjie speel en hy byt en krap jou, het jou geliefde nie genoeg gevoel vir jou nie.

As jy met hom trou, gaan jy ongelukkig wees, jy sal meer as een maal wens jy het nooit ingestem nie.

KATTE

'n Ongelukkige droom, en 'n voorteken van verraad en bedrog.

As 'n jongvrou van katte droom, is dit 'n goeie bewys dat haar geliefde slu en uiters onbetroubaar is.

As 'n jongman van katte droom, sal sy geliefde in 'n regte heks verander na hul huwelik en sy sal die broek dra in die huis.

As 'n sakeman van katte droom, beteken dit onbetroubare personeel.

Om te droom van 'n kat met kleintjies, is 'n teken van 'n groot gesin, maar nie 'n te goeie gesin nie.

As jy die kat doodmaak in jou droom, gaan jy in die ware lewe jou vyande ontmasker en hul doelstellings in die wiede ry.

KERK

As jy in 'n kerk huil en treur, voorspel dit 'n huwelik maar as jy in wit kerk toe gaan, kan jy seker wees jy sal spoedig 'n begrafnis bywoon.

'n Kerk simboliseer die morele kragte of reëls in jou lewe; jou innerlike krag.

KERSE

As jy in jou droom self kerse maak, gaan jy in die toekoms ander mense help.

As jy egter droom jy koop kerse, gaan jy binnekort 'n onthaal of partytjie bywoon, om die een of ander geleentheid te vier.

As jy 'n kers helder sien brand, beteken dit jy gaan 'n brief met goeie nuus ontvang.

Maar as die kers doodgeblaas word of laag brand, voorspel dit die dood van 'n vriend of familielid.

KETTIINGS

As jy kettings sien, beteken dit dat vyande probeer om jou skade te berokken, maar dat jy sal ontsnap aan hulle kloue.

As jy self in kettings geslaan is, gaan jy 'n ruk lank groot probleme ondervind waaruit jy wel mettertyd sal loskom; As iemand 'n goue kettinkie om jou nek hang, voorspel dit groot geluk en 'n spoedige huwelik wat lewenslank gaan hou.

KINDERS

As 'n getroude vrou droom sy is swanger, beteken dit dat 'n gesonde kind gebore sal word maar as 'n jongmeisie droom sy is swanger, gaan iemand haar probeer verlei.

Dis oor die algemeen egter 'n gelukkige droom.

As jy jou kind sien sterf, beteken dit net die teenoorgestelde. Die kind sal herstel.

Dis sowaar 'n slegte droom!

Dit voorspel die afsterwe van 'n goeie vriend/in -- dat die dood die verliefde sal beroof van die een die naaste aan hom/haar.

KLEDINGSTUKKE

As jy droom jy het baie kledingstukke, beteken dit die teenoorgestelde, dat jy behoefte sal wees en klere dringend nodig het.

As jy droom jy het niks om aan te trek nie, is dit ook 'n droom van teenstelling, want jy sal altyd genoeg hê, indien nie meer nie.

Wit kledingstuk -- as jy wit aan het, is dit 'n gewisse teken van sukses in jou liefde of enigiets eerbaar wat jy aanpak. Die publiek sal van jou hou.

Swart kledingstuk -- as jy 'n begrafnis bywoon, geklee in swart, beteken dit 'n huwelik waarin jy en jou vriende belang sal stel. Maar om sommer oor die algemeen 'n swart kledingstuk aan te hê in jou droom, is ongelukkig. Dit voorspel siekte vir jouself, of familie en jy sal iemand baie na aan jou verloor. Moet asseblief nie betrokke raak by wetsgeskille nie want jou droom is die voorloper van

boosheid, van verleentheid en probleme en moet geen reis onderneem nie, dit sal nie slaag nie. Is jy verlief? Dan is jou geliefde in die moeilikheid en ongelukkig en hy/sy gaan waarskynlik binnekort die tol moet betaal vir wat hy/sy gedoen het.

Blou of Pers kledingstuk -- dit voorspel vooruitstrewendheid, geluk, tevredenheid en lof van baie mense van wie jy dit werklik waardeer. Jou geliefde is getrou en as jy met hom/haar in die huwelik tree, sal jy groot geluk smaak. Jy sal groot sukses he in enige onderneming, jy gaan goeie vriende he en jy gaan heelwat reis wat tot jou voordeel sal strek.

Bloedrooi kledingstuk -- wees gewaarsku dat jy groot teenslae gaan ondervind, siekte, verlies aan vriende, woorde-wisselings en onaangenaamhede wat later gaan ontaard in groter debakels. Selfs in die grootmaak van jou kinders gaan jy probleme hê -- hulle sal hul eie koppe volg en nie maak soos jy sê nie.

Karmosyn kledingstuk -- Jy sal lewe tot 'n rype ouderdom en jy sal gerieflik kan voortgaan, sonder armoede of uitermate rykdom. Jy gaan binnekort aangename en goeie nuus ontvang van vêr en jou geliefde sal 'n ruk lank van jou af weggaan, maar daarna sal hy lewenslank getrou wees aan jou.

Vaalkleurige kledingstuk -- verskillende rykdomme sal in jou weg gelê word. Tog sal jy 'n woorde-wisseling hê met jou geliefde wat later deur vriende opgelos sal word. As jy droom jy sien 'n ander geklee in die kledingstukke hier beskryf, voorspel dit vir die persoon dieselfde. As jy droom jy het nuwe kledingstukke aan, sal sukses en voorspoed deel uitmaak van jou onderhandelings.

KLEURE

Swart kan skuldgevoel of swaarmoedigheid beteken.

Wit kan dui op reinheid of die spirituele.

Groen kan genesing beteken.

Blou is koninklik.

KLOKKE

As jy klokke hoor lui, beteken dit goeie nuus.

Vir jongmense voorspel dit vroeë, gelukkige huwelik met die persoon vir wie hulle lief is.

Vir sakemense beteken dit die bereiking van 'n fortuin.

Dit voorspel bevordering en verhoging in salaris.

As 'n reisiger droom hy hoor klokke lui, beteken dit dat sy reis gunstig sal verloop en dat hy veilig sal terugkom ook, as hy nog nie getroud is nie, dat hy die meisie van sy keuse binnekort daarna sal ontmoet en met haar in die huwelik sal tree.

KOEI

As 'n koei jou jaag, het jy 'n vyand en as jy ontsnap, sal jy jou vyand ook uiteindelik die loef afsteek.

As 'n koei gemelk word, is dit 'n teken van oorvloed.

As 'n vrou droom sy sien 'n koei kalf, beteken dit dat sy moeilik geboorte sal skenk.

KOEKE

As dit *hawermoutkoekies* is, beteken dit gesondheid en krag, of soetkoekies is komende vreugde en blydschap.

As dit *speserykoekies en brood* is, 'n naderende huwelik waar jy teenwoordig sal wees en waar jy jou geliefde gaan ontmoet.

As jy twee keer van koek droom, beteken dit jou eie huwelik waarin jy gelukkig sal wees.

KOERANT

As jy die koerant lees, gaan jy goeie nuus ontvang van 'n vriend wat vêr is, maar dit gaan veroorsaak dat jy jou huidige betrekking gaan laat vaar. Die verandering sal jou die wereld se goed doen. Jy sal uitstyg bokant die gemiddelde en sake op jou eie bedryf waarin jy groot sukses sal ondervind en groot rykdomme sal loslaan.

As jy 'n ongetroude man is, gaan jy met 'n weduwee trou en jy sal 'n duur wetsgeding aan die gang sit wat op die end in jou guns gaan verloop.

Vir mense wat verlief is, beteken dit dat hul geliefde na 'n veraf deel van die wereld sal gaan en dat hulle jare van mekaar geskei sal wees voordat hulle eindelijk tot trou sal kom.

Vir die politikus voorspel dit groot roeringe in die bevolking.

Vir die boer wag daar 'n goeie seisoen en verhoging in die prys van sy produkte.

KOETS

As jy daarin ry, beteken dit net die teenoorgestelde -- volslae armoede.

KONSERT

Dit beteken ook die teenoorgestelde - onenigheid tussen familie en ongelukkigheid.

KOUE

Groot gerief gaan joune wees, dierbare vriende gaan jou gereeld besoek -- weliswaar sal jy soms kortstondige onenigheid hê, maar jy sal elke keer gelukkig en tevrede aan die ander kant uittree.

KRAAI

Dis 'n teken van 'n begrafnis.

KRANSIES

As jy 'n kransie op jou kop het, gaan jy probleme teenkom maar jy gaan hulle die een na die ander oorkom en sukses behaal in jou sake. Selfs in jou liefde sal dit voorspoedig gaan. Jy gaan in die huwelik tree met 'n gesiene persoon en jy gaan baie gelukkig wees. Alles sal gevolg word deur lewenslange geluk en tevredenheid, behalwe vir die algemene siektes waarteen 'n mens eintlik niks kan doen nie.

KRAPPE

As jy gaan swem, wees versigtig dat jy nie verdrink nie!

Dis 'n droom van onaangename gebeurtenisse, dus wees op jou hoede en bly veral weg van water af -- wees selfs versigtig in jou bad of stort.

KROKODIL

Jy het 'n baie sluwe vyand -- wees dus gewaarsku!

KROON

As dit die kroon is van 'n heerser, wag waar bevordering op jou maar as jy droom jy het self die heerser se kroon op jou kop, voorspel dit niks goed nie. Jy gaan 'n verlaging kry in status.

As jy 'n kroon aan iemand skenk, gaan jy binnekort onafhanklik en op jou eie wees.

KRUIS

Die kruis - kan dui op skuldgevoelens oor dinge in jou lewe, jou gevoelens oor Christus se genade, of jou hunkering om sekere dinge ter wille van 'n bepaalde doelwit op te offer (of jou gevoelens nadat jy iets opgeoffer het).

KUIKENS

'n Hen en kuikens spreek van ongeluk -- jou geliede sal jou verlaat en met 'n ander trou.

Vir 'n boer beteken dit 'n uiters swak seisoen.

▲ Terug

L

LAMMERS

Dis altyd 'n goeie droom.

As 'n jongmeisie van lammers droom, beteken dit sy gaan 'n goeie huwelik doen en baie, goeie kinders hê. Hulle sal gesond wees en eerbaar grootword.

As 'n jongman van lammers droom, sal sy toekomstige bruid besonder jonk wees, pragtig en vol ywer maar effens sonder ondervinding en allesbehalwe kunssinnig. Sy sal baie moet leer voordat sy 'n goeie huisvrou sal wees.

Vir diegene wat reeds getroud is, voorspel dit dat hulle baie tevrede sal wees met hulle kinders.

LAMPE

As jy 'n helder lamp dra, gaan jy suksesvol wees in jou beroep en jy sal hoog aangeskryf word.

Vir die verliefde is dit 'n goeie voorteken.

As jy egter 'n lamp dra met 'n dowwe, flikkerende liggie, gaan jy siek word.

As die lig doodgaan terwyl jy dit dra, is dit 'n slegte teken, die mislukking van jou planne en hoop.

Vir die verliefde beteken dit die afsterwe van sy/haar geliefde.

As jy baie helder lampe sien, voorspel dit komende feestelikhede.

En as jy uitermate bly en opgewek is, voorspel dit jou eie huwelik.

LAWAAI

As jy 'n groot lawaai hoor, beteken dit groot onenigheid in jou familiekring met baie hartseer en onaangenaamheid tot gevolg.

Jy sal afgesonder en vervreem word van iou vriende en familie en later heeltemal kontak met jou mense verloor.

As jy verlief is, gaan jou geliefde jou deur invloede van buite, in die steek laat.

LEEU

Dit beteken toekomstig grootsheid.

Jy gaan 'n goeie en eerbare posisie beklee.

Vir 'n jongmeisie voorspel dit 'n huwelik met 'n vooraanstaande persoon of iemand buitengewoon intelligent en in 'n hoë posisie.

Vir 'n jongman voorspel dit 'n goeie huwelik, 'n teken dat sy vrou nie 'n deurbringer is nie, maar intelligent en geestelik, baie bekwaam met huishoudelike sake. Sy sal inderdaad 'n groot steunpilaar wees vir hom.

LEER

As jy nog jonk is en jy droom jy het die boonste sport van die leer bereik, wag daar 'n groot toekoms op jou en jy sal jou drome bewaarheid sien word. Jy sal 'n goeie huwelik doen.

Vir die sakeman wag daar net goeie dinge. Geld sal nie skaars wees nie en daarbenewens sal jy aansien en eer geniet.

En as jy nog op die grond rondploeter en net kyk na die boonste sport, weet dat jou dag ook sal kom, dat jy ook jou rykdom sal behaal.

Studente, skoliere wat van lere droom, sal bo uitkom.

En as jy arm is, 'n weduwee, sal daar beter dae kom, jou hartseer sal verander in vreugde.

Maar as jy die bopunt van die leer bereik het en jy raak duiselig as jy aflyk ondertoe, weet dan dat jy weer sal terugval na jou vorige posisie, dat jy nie gebore in staat is om hoër te klim as miskien die eerste sport nie. En as jy verder klim en jy droom die leer breek, sal jou hoop beskaam.

LIG

Dit kan jou bewustelike simboliseer.

LIGGAAM

Jou vel of velprobleme dui op emosionele uitdagings.

Bloed: energie of lewenskrag.

Hande: skeppend.

Voete: die lewenspad wat jy loop.

LUIPERD

'n Reis na die buiteland wag op jou maar daar gaan jy heelwat probleme ondervind. Tog sal jy dit eindelijk oorkom, goed trou en baie gelukkig wees. Jy sal waarskynlik lewenslank daar woon.

LOKOMOTIEF

Voorspel reise of die aankoms van 'n dierbare vriend/in.

LYK

Jy sal 'n blindelingse, vinnige huwelik aangaan waarin julle albei doodongelukkig sal wees, want julle sal nie by mekaar pas nie. Die kinders sal sieklik wees, hulle sal agterstande hê en jul huislike atmosfeer gaan sake geensins verbeter nie. Kortom, julle gaan 'n miserabele gesinnetjie wees.

▲ Terug

M

MA

As jy met jou ma gesels op aangename, ligte trant en julle lag en is opgewek, beteken dit jul albei se gerief en voorspoed reg deur die lewe.

As 'n jongmeisie wat verlief is, droom sy word ma, beteken dit hartseer en verdriet.

As jy droom jou ma sterf, beteken dit dat sy siek gaan word.

MAAN

Onverwagse vreugde wag op jou, sukses in jou liefde.

As dit nuwemaan is, is dit 'n goeie voorspel vir die sakeman, die boer en verliefde.

Die volmaan loop die huwelik vooruit en dis 'n goeie teken vir 'n weduwee.

MARK

As jy besig is om inkope te doen, is dit 'n goeie teken, goeie omstandighede en huislike geluk. Dit dui op 'n naderende gelukkige gebeurtenis wat die rede gaan wees tot feesviering.

As 'n vrou droom sy is by die mark waar baie mense na haar kyk, is dit 'n teken dat sy sal kan kies en keur uit die mans wat om haar hand wedywer. Sy sal sukkel om op die ou end haar besluit te neem.

MASELS

As jy self masels het, gaan groot rykdom binnekort joune word uit 'n oord waaruit jy dit nooit verwag het nie.

Dit voorspel ook goeie gesondheid en voorspoed.

MASKER

Vir 'n jongmens wat sy/haar geliefde agter 'n masker verskuil sien, beteken dit dat hy/sy ontrou is en dinge agteraf beplan.

Dis die voorteken dat hy/sy 'n tweegatjakkals is, dat hy/sy voorgee om jou lief te hê, maar in der waarheid is hy/sy reeds gekompromiteer om met iemand anders in die huwelik te tree.

Leer onderskei en om motiewe uit te ken en te verwerk.

MEDISYNE

As die medisyne wat jy drink sleg is, gaan jy 'n ruk lank ergernis hê uit 'n onverwagse oord, maar daarna gaan dit vir jou van groot hulp wees. Die donker wolke sal verdwyn en lig sal op jou horison verskyn. Rus sal volg op alle onaangenaamdheid en plesier op pyn. Dis eintlik 'n goeie droom.

MEER

As jy met 'n boot op 'n spieëlglatte, helder meer vaar, gaan die toekoms vir iou gerieflik en moeite-loos wees.

Dit voorspel sukses en 'n aangename lewe. Sukses in sakeondernemings en eerbaarheid.

Ook beteken dit 'n groot en wonderlike gesin.

Die geliefde sal sukses behaal en veilig in die huweliksbootjie vaar.

Maar as die water van die meer dik en modderig voorkom, is dit 'n gewisse teken van vele probleme en lyding as gevolg van verliese en bankrotskappe.

MELK

As jy melk drink, gaan jy groot geluk ondervind.

As jy dit verkoop, beteken dit swak handel en teleurstelling in die liefde.

As jy melk weggee, voorspel dit vooruitstrewendheid en 'n gelukkige huwelik.

As jy dit egter uit 'n vrou se borste sien vloei, gaan jy nie net in die huwelik tree en gelukkig wees nie, maar jy gaan 'n besonder groot gesin hê.

As jy 'n koei melk, gaan jy, as jy 'n boer is, 'n groot oes inbring, jy gaan gesonde vee hê en goeie gesaides.

MES

Dis 'n baie ongunstige droom.

As jy sien hoe iemand messe skoonmaak en gereed kry vir 'n feestelike geleentheid, beteken dit die teenoorgestelde -- komende armoede.

As jy hulle skerp en skoon sien, beteken dit vyande en hul bose gedagtes teen jou.

As jy verhoorafwagend is in 'n saak, kan jy seker wees die uitspraak sal teen jou wees.

As jy getroud is, sal jou huwelikmaat ontrou wees en as jy jonk maar verlief is, gaan jou geliefde jou in die steek laat en met iemand anders trou.

Jy sal baie teleurstellings hê, verliese in die sakewêreld en baie teenstanders wat geen goeie bedoelings het nie.

MIERE

Jy gaan na 'n groot stad toe trek waar jy baie seuns in die wêreld sal bring.

As jy knaphandig aangelê is, sal jy rykdom daar vind maar indien nie, sal jy in armoede vergaan.

Die wat verlief is, kan 'n spoedige huwelik te wagte wees en daarna 'n groot gesin.

Vir die sakeman voorspel dit uiteindelijke onafhanklikheid.

MINNAAR/ES

As jou geliefde mooi en dierbaar is in jou droom, gaan jy lank en gelukkig saam met hom/haar lewe.

Maar as die persoon bleek en sieklik is, gaan net die teenoorgestelde gebeur en gaan jy waarskynlik op die end met 'n kullery sit.

MISKRAAM

As 'n man droom van 'n miskraam, gaan sy geliefde probleme hê in die toekoms.

As 'n vrou dit droom, beteken dit sy moet versigtig en op haar hoede wees, haar gesondheid oppas anders gaan sy baie hartseer en moontlik lewensverlies ondervind.

MOTORS

As jy bestuur, kan dit beteken jy is in beheer van jou lewe.

Kyk wie bestuur indien jy die passasier is. Dié mens het waarskynlik baie beheer oor jou lewe.

As jou bene nie die pedale bykom nie of die stuurwiel of remme werk nie, is daar dalk dinge in jou lewe waarvoor jy beheer verloor het.

MUISE

Dit beteken baie vyande en skinderbekke, ook armoede en onsuksesvolle ondernemings.

Dit voorspel ook 'n ongelukkige huwelik en ongehoorsame kinders.

MUISHOND

Iemand is 'n verraaiër.

MUSIEK

As die musiek sag en mooi is om na te luister, strelend en kalmerend, gaan jy goeie nuus ontvang van 'n lang afwesige vriend/in.

Vir getroudes gaan daar dierbare en goed gemanierde kinders met wonderlike geaardhede gebore word.

As jy verlief is, is dit 'n teken dat jou geliefde baie vir jou omgee.

Maar lawaaierige musiek wat jou ongemaklik laat voel, is die voorspel tot baie onaangenaamhede en probleme.

▲ Terug

N

NAAK

Sien ook kaal.

NAG

Dit kan dui op iets in jou onderbewussyn.

As die nag jou skielik oorval, gaan daar 'n groot verandering in jou huidige posisie intree, 'n verandering ten kwade – van tevredenheid tot donkerte.

As jy in 'n donker nag stap, gaan jy hartseer en teleurstelling tegemoet, ook verliese en ongeluk.

As jy 'n sakeman of -vrou is, gaan jy baie verliese ly en uitstaande skulde gaan jou grys hare besorg, jy kan selfs bankrot speel of tronk toe gestuur word.

As jy 'n boer is, gaan jy 'n swak oes inbring en van jou beste vee gaan vrek.

As jy 'n reisiger is, gaan jy 'n stormagtige reis tegemoet en die moontlikheid dat jy nie weer sal terug gaan na jou geliefdes nie, is goed.

Vir die verliefde paartjies wag daar 'n groot misverstand en onaangenaamheid, in so 'n mate dat jy moontlik 'n skeiding gaan bewerkstellig tussen julle.

As jy getroud is, gaan jou eggenoot/ote ontrou wees aan jou en dit moontlik met 'n goeie vriend/in van wie jy dit nie verwag het nie.

NAGMERRIE

Dit beteken net een ding -- jy is onder die invloed van 'n dwaas en neus instekerige persoon.

NATUUR

Magtige weer- en natuurelemente, soos reusebranders, storms, tornado's en orkane, simboliseer sterk emosies en veranderinge in jou lewe.

NOMMERS

Sien ook getalle.

NON

As 'n jongmeisie droom sy word 'n non, wag daar teleurstelling op haar in haar liefde en sy gaan baie hartseer en verdriet ondervind, genoeg om haar op die randjie van 'n senuweeinstorting te laat. Dis ook 'n voorteken dat sy verlei kan word, moontlik aangerand, en dat sy geen vertrouwe hoegenaamd

moet hê in enige man nie. Die beste is om alle vreemde mans agterdogtig te bejeen en probeer eers uitvind wat sy planne is met jou voordat jy dit waag om alleen met hom iewers heen te gaan.

▲ Terug

O

ONDERGRONDS

Dit kan dui op iets in jou onderbewussyn.

ONGELUK

As jy 'n ongeluk kry of enige deel van jou liggaam perongeluk beseer, gaan jy persoonlike verliese ly, maar jy sal mettertyd daarvan herstel. As jy 'n ongeluk op see beleef, gaan jy in jou liefde gedwarsboom word.

ONTHAAL

As jy van 'n plek van onthaal droom, kan jy seker wees dis die voorloper van groot vreugde en pret. Jy gaan jou huweliksmaat daar ontmoet.

As jy gelukkig en tevrede voel oor jou droom, sal jou wense gou bewaarheid word.

As jy onwillig is om die plek van onthaal te verlaat, gaan jou huwelik wonderlik gelukkig wees.

Dis 'n goeie droom vir die sakeman, die handelaar en vir die reisiger beteken dit 'n veilige terugkeer en vir die soldaat veiligheid tydens skermutselings.

ORKAAN

Dis altyd 'n voorteken van boosheid.

Gevaar vir die reisiger en vakansiegangers, teleurstelling vir die huweliksmats wat nog nooit 'n skewe woord vir mekaar gesê het nie.

Dit beteken moontlike bankrotskap vir die sakemens en dis die voorloper van ernstige familie twiste en moontlik skeiding.

ORREL

As jy een sien en pragtige musiek daaruit hoor kom, byvoorbeeld in 'n plek van aanbidding, gaan die sakeman of -vrou groot vooruitgang geniet in sy/haar onderneming.

Vir die reisiger voorspel dit 'n aangename toer.

Vir die boer 'n groot en winsgewende oes.

Vir verliefdes beteken dit 'n gelukkige huwelik met gepaste persone en kinders wat 'n seën in die gemeenskap gaan wees en ornamente in hulle huis.

OS

'n Klomp osse is die bringer van groot vooruitgang en sukses in jou ondernemings.

As jy hulle sien wei, gaan groot rykdom joune word en jy gaan aansien en waardigheid geniet.

Vir verliefdes voorspel dit 'n gelukkig en goeie huwelik en jou eggenoot gaan ryk erf by 'n familielid.

Maar as 'n os jou jaag, het jy 'n vyand of teenstander wat geen goeie bedoelings met jou het nie, en dit beteken jy sal voortdurend op jou hoede moet wees sodat jy nie gekul word nie.

OSEANE

Dit is die groot dieptes van jou siel en psige. (*Sien ook see.*)

OUDERDOM

Dis die voorteken van siekte en vroeë afsterwe.

OU MAN

As 'n vrou droom sy word deur 'n ou man die hof gemaak, is dit 'n voorteken dat sy 'n goeie som geld gaan ontvang en suksesvol gaan wees in al haar ondernemings.

As 'n meisie wat handewerk doen, dit droom, voorspel dit dat sy met 'n ryk jongman in die huwelik gaan tree, baie kinders sal hê wat ook ryk gaan word sodat daar geen gebrek by enige van haar nasate se huise gaan wees nie.

Ou Vrou

As 'n jongman droom hy maak 'n ou vrou die hof en dat sy op haar beurt vir hom ook liefhet, wag'n baie goeie lewe op hom. Hy gaan sukses behaal in wêreldsake en hy sal met 'n lieflike jongmeisie trou, hy gaan pragtige kinders hê en baie gelukkig wees.

▲ Terug

P

PA

As jy van hom droom, beteken dit hy is lief vir jou, maar as hy reeds dood is en jy droom dan van hom, is dit 'n teken van 'n naderende ramp.

PADDAS

Dis 'n gunstige droom omdat paddas skadelose diertjies is.

Dis 'n voorteken van sukses in jou onderneming.

Vir die boer goeie oeste en gesonde vee.

Vir alle groepe, jonk en oud, is dit 'n goeie droom wat goeie vriende voorspel en openbare aansien.

Vir die verliefde is dit 'n goeie droom, want alles wat goed is gaan daaruit voortspruit.

PAKKIE

As jy die pakkie ontvang, is dit 'n goeie teken, jy gaan nuus ontvang van 'n vriend/in of jy gaan 'n geskenk kry.

As jy 'n pakkie deur die straat dra, gaan jy groot veranderinge in die sakewêreld tegemoet en jou omstandighede, jou posisie, gaan geweldig daal.

Dis ook die voorloper van teleurstelling in jou liefdesake en dat jou geliefde met iemand anders in die huwelik gaan tree.

As 'n verliefde persoon 'n pakkie ontvang, is dit 'n gunstige droom, want dit beteken sukses in die liefde.

PALEIS

As jy self in die paleis woon, is dit 'n goeie teken want jy sal uittree uit jou verskuilde hoekie en 'n status bereik van rykdom en waardigheid.

Vir die verliefde beteken dit 'n insiklike geliefde en 'n gelukkige huwelik.

PAPIER OF PERKAMENT

Jy gaan in die moeilikheid beland en bes moontlik beskuldig word van 'n misdaad wat jou baie geld en angs gaan kos voordat jy aan die ander kant uittree.

As jy skoon papier sien, is dit 'n goeie teken -- die liefde en toegeneetheid van jou vriend/in of geliefde is eerlik en opreg.

As die papier vuil is en daar is op gekrap, beteken dit die teenoorgestelde as hierbo - vuil dade teen jou.

As daar egter netjies op die papier geskryf is, beteken dit wins.

As dit opgevou of gefrommel is, voorspel dit teleurstellings -- maar netjies opgevou, dat jou wense vervul sal word, wat dit ook al is.

PARK

As jy deur die park stap, gaan goeie gesondheid en geluk jou deel in die lewe wees en jy gaan goeie vriendskappe sluit.

Vir die sakeman is dit die voorganger van 'n florerende onderneming.

As jy droom jy het iemand wat saam met jou deur die park stap, is dit 'n getroue en ware liefde en 'n spoedige huwelik wag op iou. Alle oënskynlike struikelblokke sal uit die weg geruim word.

Dis 'n goeie droom vir die skolier of student, ook vir die reisiger of boer.

PERD

Oor die algemeen is dit 'n goeie droom.

As jy op 'n mooi en goeie perd ry, gaan jy toekomstige onafhanklikheid tegemoet wat ook iou geluk gaan beteken.

Maar as die perd jou afgooi, gaan jou pogings gedwarsboom word.

As 'n perdekooper jou nader, gaan jy nuus van 'n langverlore vriend ontvang.

As die perde wit is gaan jy spoedig in die huwelik tree, dit wil sê as jy op die wit perd ry.

'n Swart perd is die voorloper van 'n afsterwe.

PERDEKAR

Dis 'n lelike droom.

Jou posisie sal verlaag word en baie onaangename herinnerings wag op jou.

As jy self die leisels in jou hande hou, gaan jy arm wees en jy gaan sukkel om 'n bestaan te maak.

PERELS

Dis 'n baie gunstige droom.

Hoe arm die dromer ook was of is, gaan hy deur sy eie toedoen en harde werk, sy eie deursettings vermoë die boonste sport van die leer bereik. Hy gaan groot geld verdien en groot waardigheid en aansien geniet. Hy sal ge-eer en gerespekteer word deur die publiek.

As perels aan jou gegee word, gaan jy met 'n pragtige meisie in die huwelik tree en julle gaan baie, baie gelukkig wees.

As 'n jongmeisie droom dat sy perels ontvang, voorspel dit haar naderende huwelik met 'n baie ryk jongman.

PERSPEKTIEF

Om te droom in die:

Eerste persoon: waar jy jouself is, kan daarop dui dat jy 'n vaste identiteit of karakter het, jy weet wie jy is.

Derde persoon: waar jy van iewers af dophou wat gebeur, kan beteken dat jy nie deel van 'n sekere situasie in jou lewe voel nie.

PLEK

Die plek waar jou droom afspeel, kan wys op watter deel van jou lewe jou droom van toepassing is.

Woestyne sonder water: is gevoelens waaraan jy nie baie aandag gee nie.

Oseane: is die groot dieptes van jou siel en psige.

POSISIE

As jy jou posisie in die samelewing verloor, wag siekte en die verlies van eiendom op jou.

Vir die verliefde is dit 'n teken dat jou geliefde nie werklik vir jou lief is nie en as jy met hom/haar in die huwelik tree, wag daar net ongeluk vir jou.

Vir die vakansieganger of reisiger beteken dit gure weer en moontlik 'n ongeluk.

PYL

As 'n pyl na jou geskiet word en dis raak, wag daar groot ongeluk op jou.

Jy het vyande wat jou ondergang bewerkstellig.

PYN

Dis 'n teenstellende droom.

As jy groot pyn ondervind, gaan iets gebeur wat jou tot voordeel strek.

Vir sakemense voorspel dit baie geld, die verhoging in pryse van hul artikels waaruit baie wins gemaak gaan word.

Vir geliefdes is dit 'n goeie voorteken. Dis die voorloper van 'n huwelik met iemand van hoë stand en aansien en baie geld.

Vir die boer beteken dit 'n goeie seisoen en hy sal 'n hoër prys as ooit kry vir sy oeste.

Vir die reisiger voorspel dit dat hy, indien nog ongetroud, met 'n ryk weduwee in die huwelik sal tree wat hy tydens sy reise sal ontmoet.

▲ Terug

Q

Geen inligting

▲ Terug

R

RAAD

As jy raad ontvang, voorspel dit probleme maar jou getroue vriende sal iou help en bystaan.

As jy self raad uitdeel, gaan jou vriende en kennisse jou in die toekoms bewonder en jou op 'n troontjie plaas.

RAMP

Dis 'n droom van teenstelling.

Jy sal verneem van 'n vriend in wie jy baie belang stel en dit sal lei tot 'n huwelik.
As jy droom van 'n seeramp, gaan jy reis na verre lande wat 'n seereis gaan insluit.
Dis 'n gunstige droom vir die sakeman of -vrou.

REËN

Dit voorspel oor die algemeen moeilikheid en probleme. Veral as dit swaar en aanhoudend neerkom met rukwinde.

As jy droom van 'n sagte lentreë, is dit 'n baie goeie droom, want dit voorspel vooruitstrewende omstandighede en 'n gelukkige liefde.

REËNBOOG

Dis wel 'n teken van verandering, maar 'n verandering ten beste.

REIS

As jy na 'n verafgeleë land reis, gaan daar groot veranderings in jou lewe plaasvind.

As die reis aangenaam verloop, sal die verandering in jou omstandighede ook aangenaam wees, maar as dit nie so lekker is nie, gaan die veranderings in jou lewe dieselfde wees -- nie so aangenaam nie.

RIGTING

Vorentoe of om voor iets te wees, dui op die toekoms.

Agtertoe of agter iets kan die verlede simboliseer.

Opwaarts/hoog: kan op die geestelike of intellektuele dui.

Afwaarts/onder: kan verwys na instink, die fisiese of omgeanker te wees.

Regs: dui op logika.

Links: simbolies is van die emosionele of innerlike.

RING

As 'n getroude vrou droom sy verloor haar trouing, beteken dit dat haar man ontrou is - dat hy onder die invloed gekom het van 'n ander vrou wat hom mettertyd sal ruineer.

As 'n getroude vrou droom haar trouing breek, voorspel dit die dood van haar eggenoot en as sy droom dit druk haar vinger en maak haar seer, waarsku dit haar dat haar man gaan siek word - so nie een van haar familieleden.

As iemand 'n ring aan jou vinger steek, voorspel dit 'n huwelik met die persoon wat jy liefhet.

RIVIER

As jy 'n breë, vinnigvloeiende, modderige rivier sien, voorspel dit probleme in jou sake en jou liefdeslewe, maar as die rivier kalm is met 'n spieëlglatte oppervlak, gaan daar 'n wonderlike toekoms vir jou wag -- in sake en in liefde en jy gaan goeie en briljante kinders hê.

ROK

As jy droom jy koop een, voorspel dit bevordering en jou wense sal bewaarheid word.

As jy goed geklee is, is dit 'n teken dat jou vriend/in of geliefde jou liefhet en goedkeur.

ROSE

Dis 'n teken van geluk en voorspoed as jy van mooi, geurige rose droom.

Vir 'n jongman beteken dit sy geliefde sal pragtig wees en intelligent en dat hulle huwelik binnekort gaan plaasvind.

Vir 'n jongmeisie beteken dit dieselfde.

Vir die sakeman is dit 'n teken van vooruitgang.

As die rose egter verlep is wanneer jy hulle in jou droom sien, is dit die voorloper van probleme en onenigheid, selfs armoede en moontlik bankrotskap.

ROTTE

Jy gaan baie vyande hê wat jou oneindig skade en verleentheid gaan berokken.

Jy gaan groot verliese ly.

In jou liefdeslewe voorspel dit 'n teenstander wat groot invloed het op jou geliefde en wat geen steen onaangeroer sal laat om jou hand in die as te slaan nie.

Jy staan gevaar om deur 'n persoon wat bose gedagtes koester kwaad aangedoen te word, en die moontlikheid is daar dat dieselfde een is wat jou hand in die as probeer slaan by jou geliefde.

Dis veel beter om die verlies van een persoon te aanvaar, synde die van 'n besluitelose en onstandvastige geliefde as jou besittings en moontlik nog jou lewe.

Vir die getroude, is dit 'n teken dat 'n gewaande vriend/in besig is om jou geluk te probeer ondermyn. So ook jou gemoedsrus.

ROUBEKLAAG

Dis 'n teenstellende droom. Alles sal goed gaan met jou.
Jou geliefde is getrou en hy gaan met jou trou en jou baie gelukkig maak.
Vir die getroude voorspel dit gerief en weelde.
Vir die sakeman of reisiger, groot vooruitgang.
Die boer sal 'n goeie oes inbring.

▲ Terug

S

SANG

Groot verdriet wag op jou. Dis om 't ewe of jy droom jy hoor ander mense sing, of self sing.
Die sakeman sal verliese ly, hy gaan skade ly aan sy besittings.
Vir die reisiger wag daar 'n onaangename reis en vir die vakansieganger, gure weer.
Wees op jou hoede as jy op 'n seereis gaan, want die skip gaan moontlik sink.
As jy verlief is, is dit duidelik dat die persoon nie jou liefde waardig is nie, want hy/sy gaan jou in die steek laat en met 'n ander in die huwelik tree.
As jy net ander hoor sing en nie meedoen nie, beteken dit hartseer en lyding onder jou vriende en familie en dat jy ook sal ly deur hul ongelukkigheid en die rampe wat hulle tref.

SEE

Sien ook oseane.
As jy oor 'n kalm en rustige see staar, is dit 'n goeie voorteken, maar as die see onstuimig is en die branders breek groot en hoog, wag daar moeilikheid op jou.
As jy met 'n boot op 'n kalm see vaar en die weer is goed, gaan jy jou doel bereik in jou lewe, jou liefde sal beantwoord word en na so 'n droom behoort tevredenheid en geluk te volg.
Dit voorspel sukses in liefdesake.
Vir verliefdes wag 'n wonderlike verhouding wat sal uitloop op 'n huwelik met mekaar.
Jou wense sal vervul word.
Vir die seevaarder is dit egter 'n teenstellende droom, of hy net met vakansie is, en of hy op die skip werk. As hy droom van 'n aangename vaart, gaan hy 'n stormagtige en onaangename vaart tegevoet, maar as hy van onstuimige waters en gure weer droom, sal hy die bootvaart geniet en veilig terugkom.

SEER

As jy droom jou hele liggaam is vol pyne en skete, is dit 'n waarskuwing dat jy 'n tydelike siekbed tegemoet gaan en ook van klein probleempies in jou persoonlike lewe.

SEER KRY

Dit kan beteken dat iets in jou lewe besig is om te verwelk of "dood te gaan", soos 'n verhouding of 'n persoonlike eienskap/gewoonte.

SEISOENE

Seisoene kan dui op 'n sekere bui of lewensfase.
Winter: 'n tyd van hiberneer of bevrugting.
Lente: is die begin van nuwe lewe.
Sommer: is die hoogtepunt van groei.
Herfs: is 'n tyd van oes of 'n natuurlike einde.

SERPENT ('n slangagtige reptiel met pote)

'n Dodelike vyand is daarop uit om jou te ruineer.
As jy verlief is, is daar 'n teenstander wat met nyd en onsmaklikheid, selfs haat, probeer om jou hand in die as te slaan by jou geliefde -- die persoon is uiters aantreklik en jou geliefde begin reeds tekens van afvalligheid toon. Jy gaan seerkry deur insinuasies waarop jy nie 'n vinger kan lê nie - met ander woorde hierdie persoon is goed met die sielkundige aftakeling van 'n mens en jy het verstand en takt nodig om met hom/haar te werk. Die beste is om nie toe te laat dat enigiets wat enige

iemand doen, selfs nie eens jou geliefde, jou gemoedsrus en -vrede versteur nie. As jy die serpent in jou droom doodmaak, sal jy jou vyande verslaan en suksesvol wees in jou sake, jou liefde en huwelik.

SIEKTE

As jy droom jy is siek, is dit 'n teken dat jy gevaar staan om aan 'n versoeking toe te gee wat, as jy dit nie weerstaan nie, jou karakter en beeld kan skaad in die samelewing, tussen jou vriende en familie.

As jy nie op jou hoede is nie, sal 'n teenstander jou in alle opsigte die loef afsteek.

SILWER

As jy klein silwermunte versamel, is dit 'n teken van hartseer.

As dit groot munte is, gaan jy betrokke raak in 'n winsgewende transaksie.

As jy met silwer betaal vir goedere wat jy aankoop, of ontvang, of silwer ontvang vir goedere wat jy uitdeel of verkoop, gaan jy 'n winsgewende sakeonderneming hê.

As jy silwervartaue of groot silwer voorwerpe besit, voorspel dit armoede. Jy sal eenvoudig in die toekoms tevrede moet wees met erdeware, dis te sê as jy selfs dit kan bekostig.

As jy droom die silwer in jou besit is nie eg nie, beteken dit jy het 'n vriend wat voorgee om te wees wat hy nie is nie.

SKILDERYE

Dis 'n slegte voorteken en spreek van valsheid en rugstekery, van verlies en onaangenaamheid. Dit maak nie saak hoe mooi die skilderye vir jou is nie, dit spreek steeds van probleme wat in jou weg gelê gaan word want valse en ontroue kennis en vriende gaan jou lewe versuur. Hulle sal nimmer eindigend probeer om jou goeie naam skade aan te doen.

As jy hoegenaamd verlief is en van plan is om met die persoon in die huwelik te tree, dink mooi daarvoor na, want daardie persoon is nie opreg nie, ongeag hoe dierbaar en goed hy/sy voorgee. Die persoon is reeds deur 'n ander aangetrek en weet net nie hoe om dit vir jou te sê nie.

Vir getroude mense voorspel dit ontrouheid van hul huweliksmaats.

SKOENE

As jy nuwe skoene aan het, gaan jy baie en vêr reis.

As jou skoene jou druk, gaan jy onsuksesvol wees in jou onderhandelings.

Dis nie 'n goeie teken vir die verliefde nie.

As jy droom jou skoene raak aan water, voorspel dit die valsheid van jou geliefde.

As jy droom jy is kaalvoet, sal jy met gerief en gemak deur die lewe gaan.

Vir die verliefde beteken dit egtheid van sy geliefde en 'n wonderlike huwelik.

SLANG

Sluwe vyande lê op die loer na jou!

Hulle sal teen jou saamsweer en jou karakter en eiendom sal daaronder ly.

Dis die voorteken van 'n valse geliefde wat jou op 'n hartelose manier in die steek sal laat.

As jy droom jy vernietig 'n slang, is dit 'n aanduiding dat jy oor jou vyande gaan baas wees, dat jy hulle planne in die wiele gaan ry en dat jy bo sal uitkom in sake en in jou liefde.

Bruin slang: Vleeslike begeertes.

Geel slang: Jaloesie.

Goue slang: 'n Vyand wat hom as engel van die lig voordoen.

Groen slang: Valse vrede.

Rooi slang: 'n Misleidende gees.

SLEUTEL

As jy 'n sleutel verloor, gaan jy probleme en ongelukkigheid tegemoet in die toekoms.

As jy 'n sleutel aan iemand oorhandig, voorspel dit 'n huwelik.

As jy een optel of ontvang, is dit die voorloper van die geboorte van 'n kind.

As jy van 'n bos sleutels of baie sleutels droom, gaan jy ryk word as gevolg van 'n florerende onderneming

SLOT

Probleme gaan jou verhinder om sukses te behaal.

As jy kabinette, laaie, ensovoorts sien met slotte en geen sleutels nie, is dit 'n slegte voorteken vir die verliefde en die sakeman. Jy kan nie jou doel bereik nie. Jy hoop maar dit sal nooit vrugte afwerp nie.

Sou jy in jou droom sleutels hê waarmee jy die slotte kan oopsluit, verander die hele saak die oomblik dat die kabinette of laaie of deure oop is. Jy sal slaag en sukses behaal in waarna jy ook al streef. Jongvrou, jongman, die hart van jou geliefde is oop vir iou. Dit kan nie verander nie.

SNEEU

As die grond bedek is met sneeu, sal dit goed met jou gaan.

Dis 'n droom van voorspoed.

Jy sal 'n smetloos en vlekkelose karakter behou, nieteenstaande pogings van vyande om dit te beswadder.

As jy op sneeu stap saam met jou geliefde, gaan jy gelukkig in die huwelik wees.

As jy in 'n sneeustorm vasgevang word, voorspel dit alles wat goed is. Jy sal wel probleme ondervind in jou daaglikse lewe, maar jy sal dit spoedig oorkom en sonder letsels uit die stryd tree.

SNY

As jy droom jy sny vleis vir ander mense, beteken dit dat jy 'n weldoener sal wees.

As jy vir jouself vleis sny, gaan jy vooruitstrewend wees; indien ongetroud, gaan jy die regte keuse doen vir 'n huweliksmaat.

SOEN

As jy iemand soen wanneer jy nie veronderstel is om dit te doen nie, is dit 'n teken van 'n valse vriendskap of valse geliefde.

As jy iemand jou geliefde sien soen, beteken dit jy het 'n teenstander.

As jy jou geliefde iemand anders sien soen, spreek dit van 'n valse hart.

As jou geliefde jou teer en herhaaldelik soen, wys dit dat hy ernstig en getrou is en dat sy planne met jou opreg is.

As getroude persone droom hulle soen mekaar, voorspel dit dat hulle 'n ontroue persoon deel van hul vriendekring gaan maak.

SOLDATE

As jy self 'n soldaat is, dui dit daarop dat jy jou huidige werk gaan verlaat, en van die een werk na die volgende gaan wissel.

Dis 'n slegte droom vir 'n jongvrou. Sy gaan met 'n regte lieplapper in die huweik tree en sy gaan eindelose probleme van sy kant af kry.

Vir die sakeman voorspel dit verliese.

As jy soldate sien veg, gaan jy betrokke raak by ernstige argumente.

SON

As jy die son in jou droom sien, gaan jy welstand en rykdom behaal, ook sukses in die liefde.

As jy dit sien opkom, beteken dit goeie nuus.

As dit ondergaan, gaan die sakeman slegte nuus ontvang, ook swaar verliese ly.

As jy die son verskuil sien raak agter wolke, is dit die voortekene van probleme en 'n groot verandering waarby jy betrokke sal wees.

SPOOK

As jy 'n spook sien en jy skrik daarvoor, en hou nie van die idee nie, is dit 'n baie slegte en onaangename voorspooksel. Probleme gaan jou letterlik oorweldig.

Kwaadwillige vyande gaan hul bes doen om jou te skaad.

Maar as jy jou man staan in die droom, as jy nie vir die spook skrik nie, die gedaante daarna sien verdwyn, sal jy al hierdie probleme mettertyd oorkom en aan die ander kant uitkom.

STAP

As die pad waarlangs jy loop, vuil en vol rommel is, gaan jy 'n opdraande tyd tegemoet.

Maar as dit skoon is en dis vir jou lekker om daarlangs te stap, beteken dit rykdom, liefde en geluk.

STEEK TE LAAT

As jy iemand in die steek laat, sal dit nie net in iou droom nie, maar ook in die werklike lewe nie met jou goed gaan nie.

Dis 'n voortekene dat jy jou vriende en kennisse sal verloor en dat dit nie maklik sal wees om die mense se vertroue te herstel nie.

As jy droom dat jy in die steek gelaat word, voorspel dit groot probleme vir jou.

STEM

As jy droom en jy hoor vrolike, opgewekte stemme, wag daar groot hartseer en baie tranes op jou.

As jy 'n hartseer stem hoor, kan jy weet dat daar vreugde en voorspoed op jou wag.
As jy baie stemme hoor wanneer mense vrolik en opgewek met mekaar gesels, is dit die voorloper van die een of ander vreugdevolle gebeurtenis.

STERF

Sien ook dood.

Dit beteken dat iets in jou lewe besig is om te verwelk of “dood te gaan”, soos 'n verhouding of 'n persoonlike eienskap/gewoonte.

STOF

As jy amper verblind raak deur die stof, is dit 'n teken dat jou onderneming gaan misluk en dat daar groot verdriet in jou familie gaan heers. Maar as jy droom jy kom weg van die stofstorm af en skoon aan die ander kant uit, sal jy jou vorige posisie herwin en sal dit goed gaan met jou.

STUDEER

As jy in 'n plek is waar geleer word, soos byvoorbeeld 'n studiesaal of 'n universiteit, is dit 'n teken dat jy invloedryk gaan word en dat mense na jou sal opsien vir raad en leiding.

Dis ook 'n goeie voorteken as jy droom jy leer self en dat jy maklik kennis versamel.

SWANGERSKAP

As 'n getroude vrou droom sy is swanger, voorspel dit 'n tweeling vir haar.

Maar as 'n jongmeisie droom sy is swanger, is dit 'n duidelike teken dat haar geliefde se motiewe nie eerbaar is nie, en dat hy haar aan 'n lyntjie gaan hou solank dit hom pas terwyl hy die weivelde be-
loer op soek na iemand anders om haar plek in te neem.

SWEEF

Sien ook vlieg.

As jy sweef beteken dit jy wil graag van jou seksuele inhibisies en frustrasies bevry word.

SWEM

As jy droom jy swem met jou kop bo water, wag sukses op jou in alle opsigte, hetsy liefde, handel, sakeondernemings, boerdery en so meer.

As jy egter met jou kop onder die wateroppervlak rondskarrel, gaan jy eindelose probleme ondervind.

▲ Terug

T

TALISMAN

As 'n vriend of geliefde vir jou 'n gelukbringer of aandenking gee, beteken dit dat onverwagte welvaart skielik na jou kant sal kom. Jy gaan wonderlike goeie vriende hê wat baie bekommerd gaan wees oor jou welstand en welsyn en alles in hul vermoë sal doen om dit te bevorder.

As jy 'n jongman is, beteken dit dat jou toekomstige bruid intelligent en knaphandig sal wees. Sy sal pragtig wees innerlik en sy sal altyd liefvallig en getrou bly.

Vir 'n jongmeisie toon dit dat sy in die huwelik gaan tree met 'n ryk jongman met 'n eerbare familie en dat sy baie kinders in die wêreld gaan bring.

As jy droom jy gee gelukbringers aan ander mense, is dit 'n teken dat jy in die toekoms wel by magte sal wees om dit te kan doen en dat jy in sirkels beweeg waar jou vriende jou liefhet.

As 'n gelukbringer van jou gevra word, en jy kan dit nie gee nie, voorspel dit toekomstige armoede en verleentheid en siekte.

TANDE

As jy'n persoon sien met pragtige eweredige wit tande, is dit 'n voorteken dat jy 'n aangename geliefde gaan kry wat met jou gaan trou.

As jy egter droom jou eie tande is los, beteken dit persoonlike siekte en as een van hulle uitval, gaan jy 'n vriend/in of familielid verloor.

As almal uitval, is dit 'n voorbode van 'n swaar siekbed.

As jy tandpyn het, beteken dit net die teenoorgestelde - jy gaan baie vreugde ondervind.

As jy 'n nuwe tand kry, gaan jy van woonplek verander en vir die getroude, 'n aanwas in die gesin.

TASSE

As jy droom jy is op reis en jy sukkel jou gedaan met tasse en los bagasie, voorspel dit oneindige

probleme wat jou groot moeite, verdriet en uitgawes gaan kos. Dit sal jou amper oorweldig en jy sal wanhopig raak, hoofsaaklik as gevolg van verleentheid of insolvensie of ander probleme, moontlik ook ongeregtheid en slegte behandeling deur sommige van jou familieledede.

Vir 'n geliefde persoon beteken dit dat sy/haar toekomstige eggenoot siek sal word en groot uitgawes sal verg.

Vir die reisiger voorspel dit gevaar en rampspoed.

TAXI

As jy in 'n taxi ry, voorspel dit 'n kortstondige siekbed waaruit jy gou sal opstaan as jy van omgewing kan verander.

Dit is ook 'n teken van voorspoed in die toekoms.

TOILET

Dit kan 'n teken uit die onbewuste wees dat daar onopgeloste kwessies uit jou verlede is wat jou pla en jou skuldig laat voel.

TROM

As jy die gedreun van 'n trom hoor met musiek wat daarmee saam gaan, beteken dit nasionale en familie-kookpotte en maalgate. Moontlik ook dat jou land deur oorlog bedreig word.

TROMPET

As iemand dit bespeel en jy hoor dit, is dit 'n teken van groot vreugde en geluk.

Jy gaan vriende kry wat vir jou gaan lief wees en jou familie gaan groot agting vir jou hê.

As jy dit hoor, kan jy seker wees dat jy onverwagte nuus gaan ontvang van vêr, moontlik uit die buiteland en dit gaan jou groot vreugde bring.

Vir getroudes, is dit die voorteken van die geboorte van 'n kind.

TRONK

Dis 'n droom van teenstelling, vooruitgang in sake, in jou liefde en huislike geluk en eensgesindheid.

As 'n jongmeisie droom haar geliefde is in die tronk, is dit 'n teken dat sy woonplek in sy hart gevind het en dat sy daar sal bly tot die dood hulle skei.

As 'n jongman droom hy is self in die tronk, is dit 'n teken dat hy sukses sal behaal in die lewe en met die meisie van sy keuse in die huwelik sal tree en hy het geen rede om te vrees dat hy haar ooit sal verloor nie. Hy sal altyd haar ideaal bly.

Dis selfs vir 'n weduwee 'n goeie droom.

En om te droom jy ontsnap uit die tronk, toon vir die persoon wat terneergedruk is, 'n gunstige verandering in omstandighede. Die dag van teëspoed sal verbygaan.

Dis ook 'n duidelike teken dat enigiemand wat siek is, gesond sal word.

TROUE

As jy droom jy gaan trou, beteken dit 'n verskriklike siekbed.

Dis oor die algemeen 'n baie ongunstige droom en voorspel armoede, gevangeneskap, ongeluk en die verlies van jou geliefde.

As jy droom jy help met 'n troue, is dit egter beter want dit beteken vooruitgang in die lewe vir jou.

As jy droom jou geliefde trou met iemand anders, gaan hy jou in die steek laat.

TUIN

Dis 'n baie goeie droom, een van die bestes.

Sukses sal joune wees in die toekoms. Ongeag hoe donker die pad nou vorentoe lyk, die lig sal binnekort deurskemer en daarna sal dit nie beter kan gaan nie.

TYD

Laat vir 'n bus, vliegtuig, trein – Dis die onderbewuste se manier om te sê: “Ek is nie deel van wat gebeur nie. Ek is besig om die geleentheid mis te loop.”

▲ Terug

U

UIL

As jy droom jy sien hierdie nagvoël, wag daar siekte, armoede en vernedering op jou.

As jy droom jy hoor 'n uil roep, wag dieselfde op jou.

Moet nooit verwag om rykdom en voorspoed te smaak nadat jy van 'n uil gedroom het nie. Jy sal ook nie met jou huidige geliefde in die huwelik tree nie, ongeag hoe lief jy die persoon ook al het. Ook sal jy nie in jou huidige ondernemings slaag nie - alles sal misluk.

▲ Terug

V

VAL

Dit kan beteken dat jou huidige situasie besig is om jou te oorweldig.

Jy val - Jy voel hulpeloos. Of jy het 'n te hoë dunk van jousef, koester onrealistiese ideale of fantaseer te veel daarvoor. Jou droom is as 't ware 'n skokbotsing met die werklikheid.

As jy droom jy val van 'n hoë plek, soos 'n boom of 'n krans, beteken dit jy gaan jou posisie in die samelewing verloor, selfs jou eiendom.

As jy verlief is, gaan jy jou geliefde verloor en jy sal nooit met hom/haar trou nie.

Vir die sakeman beteken dit verlies in sy onderneming, verleentheid en onmaaklikheid.

Vir die reisiger voorspel dit 'n onaangename tyd, gekenmerk deur ongelukke.

VALK

Dis 'n verskriklike droom.

Jy het 'n vyand, jy troetel 'n adder in jou boesem, hy gaan jou seermaak met sy tong en wees op jou hoede dat sy/haar hande nie ook bygevoeg word in die proses nie.

Is jy 'n goedvertrouende mens? Iemand gaan jou beroof en onthou net - die makste honde byt altyd die seerste.

VARKE

Dis 'n mengsel van goeie en slegte tydings.

'n Seker teken dat jy baie valse vriende het, maar dat jy 'n getroue geliefde het.

Dit voorspel siekte en hartseer en dat jy blootgestel gaan word aan groot gevare, veral die gevaar dat jy jou lewe kan verloor, maar jy sal ontkom met net 'n geringe besering.

Dit voorspel ook dat jy, nieteenstaande al die struikelblokke, opgang sal maak in die wêreld, bekwaamheid sal kry van wêreldgehalte.

Maar jou kinders gaan ongelukkig wees, deur hul eie kort-sigtigheid en onbekwaamheid, hul onnoselheid, gaan hulle deur armoede en verleentheid gery word.

VEE

As die vee in jou droom vreedsaam wei, wag 'n goeie lewe op jou.

As jy droom die vee word aangejaag, is jy 'n sakemens en jy sal 'n groot fortuin loswerk.

Swart vee met groot horings voorspel egter baie en kwaadwillige vyande.

VELDE

As jy droom jy stap oor groen velde, wag voorspoed op jou en aangename omstandighede, hetsy in jou sakelewe of in liefde.

As die velde verbrand is en die gras is verskroei, wag armoede en ellende op jou.

As jy in klawer stap of enige gesaaides soos koring, lusern, gort, ensovoorts, en die oes lyk mooi, voorspel dit rykdom en sukses.

As die land pas omgeploeg is en reeds geplant en ge-eg, gaan jy suksesvol wees in wat jy ook al beoog, maar jy sal opofferings moet doen.

As jy tussen klawer is, gaan jy met 'n ryk, aantreklike persoon in die huwelik tree. Jy gaan baie lieflike kinders hê wat vir jou baie vreugde en geluk sal bring en hulle sal bale bereik wanneer hulle groot is.

So 'n droom is die voorloper van geluk in die liefde en die huwelik en sukses in spekulasie en sakeondernemings.

As jy in 'n geploegde land is waar nog nie geplant is nie, kan jy seker wees dat ongeluk en teëspoed op jou wag. En jy gaan reg deur jou lewe sukkel om ken bo water te hou.

VERDRINK

Dit kan beteken dat jy bang is jy verloor iets wat kosbaar is vir jou.

Dit kan ook jou onderbewussyn se manier wees om een of ander vorm van verlies te verwerk.

As jy droom jy verdrink, beteken dit oorweldigende probleme wag op jou, verliese in jou sakeonder-

neming en deur afsterwe.

As jy verdrink en iemand, 'n lewensboot, red jou, is dit 'n teken dat 'n vriend jou sal help deur jou moeilike tyd van hartseer en verdriet tot jy weer bo uitkom.

VERLOOR IETS

As jy iets waardevols verloor, soos jou huis wat afbrand, kan dit beteken dat jy bang is jy verloor iets wat kosbaar is vir jou.

Dit kan ook jou onderbewussyn se manier wees om een of ander vorm van verlies te verwerk.

VERTREK

Die tipe vertrek in jou droom kan dui op die deel van jou self waaroor jou droom handel.

Kombuis of eetkamer: is selfkoestering of jou sosiale aard.

Slaapkamer: is verhoudings.

Badkamer: is privaatheid of om van gemors ontslae raak.

Motorhuis: is prestasie of iets wat jy opgaar.

VET

As jy droom jy is besig om gewig aan te sit, wees seker daarvan dat jy binnekort ernstig siek gaan word, moontlik met 'n hooi koors.

Dit kan ook beteken 'n egskeiding wag op jou of skeiding van iemand wat jy liefhet.

Dis voorwaar 'n droom wat deur die bouse geïnspireer word en voorspel niks goed nie.

VISSE

As jy droom jy sien 'n groep uitgesoekte visse wat eetbaar en lekker is, beteken dit dat jy sukses sal hê in al jou ondernemings. Jy sal onafhanklik raak.

Maar as jy droom dat 'n vis jou hoek ontsnap, en dit glip deur jou vingers, wag daar teleurstelling op jou, veral in jou liefde, want jou geliefde sal jou in alle waarskynlikheid in die steek laat.

VISVANGS

As jy alles in jou vermoë probeer om vis te vang maar hulle weier om te byt, gaan dit sleg met jou jy - sal teleurgestel word in jou sake en in jou liefde.

As jy wel visse uittrek, gaan jy rykdomme kry.

As jy visse op die bodem van die rivier, dam of see sien, en die water is helder, is dit 'n goeie teken van rykdom en voorspoed.

VLEIS

As jy droom jy eet vleis, beteken dit dat jy altyd genoeg sal hê om van te lewe hoewel jy miskien nie ryk gaan wees nie. Maar as jy droom van vleis en jy mag of kan dit nie eet nie, wees seker dat jy altyd van ander mense afhanklik sal wees en hulle in die oë sal moet kyk.

VLEI OF VALLEI

As jy in 'n vallei of vlei stap, is dit die voorteken van 'n goeie lewe vir jou.

As 'n jongmeisie droom sy stap saam met haar geliefde deur die vallei, is dit 'n teken dat hy vir haar baie lief is en dat hulle in die huwelik sal tree. Hulle sal rykdom besit en heelwat kinders hê wat vir hulle groot vreugde sal bring, en ook baie lank sal lewe.

As 'n jongman droom hy en sy meisie stap deur die vallei, is dit die voorspelling dat hy met 'n pragtige meisie sal trou, ryk en briljant wat toegewy aan hom sal bly. Hulle sal 'n goeie gesin wees en hul dae sal vol wees van liefde en eensgesindheid. Hulle sal die bewondering van die gemeenskap hê.

VLERMUISE

As jy 'n vlermuis sien vlieg, het jy 'n vyand. 'n Gedugte een.

As dit in die dag vlieg, het jy niks om te vrees nie, maar as dit in die aand is, verkeer jy in gevaar. Vir 'n jongmens beteken dit dat jy 'n gevaarlike teenstander het wat vir jou groot moeilikheid en probleme gaan veroorsaak.

VLIEG

Sien ook sweef.

Om te vlieg word oor die algemeen geïnterpreteer as 'n gevoel van vryheid of "to be on top of things".

As jy droom jy vlieg, beteken dit dat jy baie struikelblokke sal oorkom en aan gevare sal ontsnap. Dit beteken ook sukses in liefde en sake.

As jy droom jy probeer baie hoog vlieg, is dit 'n teken dat jy na 'n posisie sal mik wat jy nooit sal bereik nie en iets waarvoor jy nie genoegsaam gekwalifiseer is nie.

VLOED

Vir reisigers en sakemanne is 'n droom oor 'n vloed baie gunstig en beteken suksesvolle sake en veilige reise.

Maar vir die gewone man op straat, is dit die voorteken van swak gesondheid, hangende hofsake wat later ongunstig gaan verloop en ook vyande wat besig is om teen hom/haar saam te sweer.

As jy verlief is, gaan jou teenstander, soos 'n vloed, jou geliefde se voete onder hom/haar uitslaan en hom/haar meevoer en wegneem van jou af.

VOELS

As 'n ryk persoon droom hy sien voëls vlieg, is dit baie ongelukkig want dis 'n voorspelling dat alles in sy lewe omgekeer gaan word.

Maar as 'n arm mens droom hy/sy sien voëls in die lug, voorspel dit 'n verandering ten goede, veral as hulle die voëls boonop hoor sing ook.

As die voëls pragtige vere het, en nie bang is vir jou nie, wag bevordering en groot invloed op jou. Dit kan vryheid of innerlike bewuswording beteken.

VOELNES

As jy 'n voël nes kry met eiers in, sal jy jou eiendom kan behou, maar as daar kuikens in die nes is, gaan jy by 'n hofgeding betrokke raak waartydens jy al jou besittings gaan verloor.

VREDE EN VREEDSAAMHEID

As jy strelende musiek hoor en dit het 'n rustige uitwerking op jou, voorspel dit 'n lang en gelukkige lewe vir jou.

In liefde is dit die voorloper van 'n verhouding met 'n dierbare, sagsinnige mens wat ernstig en eerlik teenoor jou voel en 'n huwelik met hierdie persoon kan net slaag.

Dis 'n goeie droom vir alle mense van alle vlakke van die samelewing.

VREUGDE

Dis 'n teken van goeie gesondheid en dat jy groot geld sal ontvang of ryk gaan word deur middel van 'n erflating of 'n onverwagse skenking van 'n familielid.

VRIENDE

As jy 'n ontstellende droom het van 'n vriend/in wat ver van jou af is, beteken dit dat die persoon of siek is, of dat die een of ander ongeluk hom/haar getref het. Selfs moontlik dat iemand bose gedagtes jeens daardie persoon koester.

As jy egter 'n kalm en rustige droom het van so 'n vriend, kan dit goeie nuus beteken en moontlik 'n besoek. Jou geliefde sal binnekort terugkom en sy besoeke kan moontlik eindig in 'n huwelik.

As jy droom jy sien vriende wat vêr van jou af is feesvier en vrolik saam verkeer, voorspel dit voorspoed nie net vir jou nie, maar ook vir hulle.

As hulle huil, is dit egter 'n slegte droom.

As jy sien hoe 'n vriend/in sterf, is dit 'n droom van teenstelling en beteken dit oor die algemeen 'n huwelik.

VRUGTE

Verskillende vrugte het verskillende betekenis.

Maar as jy droom van 'n groep of mengsel verskillende soorte vrugte, spreek dit van buitengewone rykdom en 'n ryk huweliksverbintenis waarop 'n groot en gelukkige gesin gaan volg.

Die verskillende vrugtesoorte met hul onderskeie betekenis word hieronder genoem:

Amandels voorspel probleme, verlies van vryheid en teleurstelling in liefde, gure weer vir die vakansie ganger en ellendes vir die sakeman.

Appels beteken 'n lang lewe met sukses, 'n seun vir 'n swanger vrou, getrouheid in jou liefde en rykdom deur jou eie toedoen.

Appelkose is 'n teken van gesondheid en voorspoed, 'n spoedige huwelik, gehoorsame kinders en sukses op liefdesgebied.

Appelliefies is die voorteken van baie kinders in die huwelik, hoofsaaklik seuns en die bereiking van jou ideale. Vir die reisiger voorspel dit gevare in sy volgende reis en vir die jongmeisie 'n man met wandelende oe en vir die man 'n rondloperige vrou.

Druifwe laat 'n jongmeisie weet dat haar voorgenome eggenoot 'n vrolike, opgewekte geaardheid en 'n goeie sangstem het. Sy sal gelukkig wees in die huwelik en sukses behaal in wat sy ook al aandurf. Daar wag 'n spoedige huwelik op die wat verlief is.

Kersies is die voorloper van teleurstelling in jou liefde, ontrouheid in die huwelik en oor die algemeen ongelukkigheid.

Korente voorspel geluk in die lewe, sukses in ondernemings, getrouheid in jou liefde, mooi en slim kinders en rykdom vir die boer en die sakeman.

Lemoene beteken niks goed nie. Dit loop verlies van jou goeie naam vooruit, aanvalle van diewe en plunderaars, wonde en siekte by die persoon wat jy liefhet.

Neute, veral trosse daarvan, beteken rykdom en geluk vir die verliefde, sukses in sy voornemende planne en die liefde van 'n gelykmatige meisie. As jy neutte bymekaar maak, is dit egter alles behalwe 'n goeie droom. Jy is besig met onderhandelings wat allesbehalwe gunstig sal verloop. As jy die neutte kraak, sal die persoon wat jy graag joune wil maak, jou met belangeloosheid behandel en afvallig wees, jou kul.

Perskes beteken alles wat goed en mooi is. As jy verlief is, gaan jy sukses behaal in die sin dat jou liefde beantwoord sal word en dat jy gelukkig sal trou. Jy sal oulike en slim kinders hê wat 'n groot vreugde sal wees vir jou familie. Perskes voorspel rykdom vir die sakeman, goeie oeste vir die boer en 'n aangename en ongelukvrye reis vir vakansiegangers.

Spanspek kondig vinnige herstel aan vir die siekes, dis 'n teken van harmonie en eensgesindheid en enige geskille wat daar mag heers, sal gou uit die weg geruim word. In liefde sal jy eensgesindheid smaak, getrouheid en minsaamheid. Jy gaan gelukkig wees in die huwelik en pragtige kinders hê met flegmatiese geaardhede.

Suurlemoene is die voorloper van ongelukkigheid in kinders en dis ook die voorloper van dood in die familie, teleurstelling in liefdesake.

VULKAAN

Dis die voorloper van groot geskille en verskille en onaangenaamhede, familie vetes en onmin tussen verliefdes.

As jy van plan is om jou te wreek op enigiemand, sal jy self daaronder ly, want dis 'n geval van wie 'n gat grawe vir 'n ander, tuimel self daarin. Jy sal jou wrok moet vergeet, anders gaan dit jou lewenslank herinner aan die dae toe jy die persoon teen wie jy die vete het, te na wou kom.

Vir die sakeman voorspel dit oneerlike personeellede, selfs diefstal en 'n verlies van sy besittings. Vir verliefdes is dit 'n teken van intrige en op die ou end gaan dit in 'n ontploffing uitloop wat die einde kan beteken van 'n verhouding of selfs kan uitloop op 'n egskeiding.

VUUR

Gelukkige mens!

Dit gaan vir jou groot vreugde, baie geld en goeie gesondheid bring.

Jy gaan goeie vriende hê en jou familie gaan jou op die hande dra.

As 'n jongdame of jongeheer van vuur droom, sal dit waarna jy smag, synde die huwelik of geluk, binnekort in jou skoot beland. Gebruik 'n bietjie geduld.

As jy droom die vuur brand jou, gaan jy in die pekel beland en alles gaan eindig in 'n groot warboel.

VYE

Dis 'n baie gunstige droom wat gewoonlik uitloop op onafhanklikheid en rykdom.

▲ Terug

W

WA

As jy self die leisels hou, is dit 'n teken van armoede.

Maar as die voertuig jou eiendom is, is dit 'n teken van voorspoed, van vooruitgang.

As jy in 'n wa reis, beteken dit die verlies van jou posisie en eiendom, jou karakter en ook jou geld.

As jy droom daar hou 'n gelaaide wa voor jou deur stil, sal iemand met jou vriende maak en uit sy vriendskap sal jy net voordeel kan put, want hy sal help dat jy opgang maak in die lewe.

WEDUWEE

As jy jouself in jou droom met 'n weduwee sien gesels, beteken dit jy gaan jou eggenoot aan die dood afgee.

As 'n vrou droom sy is 'n weduwee, voorspel dit ontrouheid van haar eggenoot.

As 'n jongvrou droom sy trou en word 'n weduwee, is dit 'n seker teken dat haar geliefde haar in die steek gaan laat.

WEELDE

As jy droom jy woon in weelde, is dit 'n voorteken van armoede en hongersnood en dat jy baie teurstellings op jou pad gaan teekom.

Jy gaan geen sukses behaal in jou sake nie en moontlike tronkstraf wag op jou oor skuld wat jy aangegaan het.

In jou liefde voorspel dit onmin, misverstande tussen geliefdes wat kan uitloop op onaangenaamheid en skeiding.

Vir getroudes, wag daar groot onenigheid in die gesin.

WEELUISE

Hierdie droom spreek van siekte en armoede, van verlorenheid en ook verlatenheid.

Jy self of iemand na aan jou sal 'n opdraande stryd tegemoet gaan en dit gaan groot probleme veroorsaak in jou sake.

Jy sal jou posisie verloor as jy 'n werknemer is en dis dikwels bewys dat hierdie droom gevangenskap vooruitloop. En dit vir skuld wat nie betaal kan word nie.

WEWENAAR

As jy droom jy's een, gaan jou vrou siek word.

As 'n jongmeisie droom sy gaan met 'n wewenaar trou, beteken dit oneindig probleme en valse vriende en geliefdes, maar sy sal eindelijk ten laaste gelukkig trou met 'n goeie man.

WILD

As jy wild in die bosse sien en daarna skiet, kan jy seker wees dat jy die hart waarna jy mik, die meisie wat jy wil hê, na jou huis sal bring.

As jy droom van hordes dooie wild, beteken dit 'n spoedige huwelik.

As die wild egter ontbind, beteken dit dat jou gesondheid jou in die steek gaan laat, dat jy in jou liefde verlaat gaan word en ook dat jou sake nie baie vlot sal verloop nie. Jy sal met ander woorde 'n teurgestelde en verbitterde mens sterf.

WIND

As jy van 'n ligte bries droom, is dit 'n goeie teken want dan sal jy goeie nuus ontvang.

As dit 'n stormwind is, gaan dit vir jou moeilikheid bring uit alle oorde, en jy gaan dubbel en dwars in jou liefde gedwarsboom word.

WOEDE

As jy droom jy is kwaad vir iemand, is dit 'n teken dat daardie persoon jou beste vriend/in is.

As jy droom dat jy kwaad is vir jou geliefde, kan jy seker wees dat hy/sy jou werklik liefhet en jou gelukkig sal maak.

WOESTYN

Woestyne sonder water is gevoelens waaraan jy nie baie aandag gee nie.

As jy deur die woestyn reis, wag 'n moeisame en gevaarlike reis op jou, veral as jy droom die weer is nat en winderig, iets wat feitlik onmoontlik is vir 'n woestyn.

As jy die son sien skyn, sal jou reis en al jou sake suksesvol afgehandel word en jy sal ook vooruitstrewend wees.

WOLKE

As jy droom donker wolke hang oor jou, sal jy deur 'n moeilike tyd gaan waartydens hartseer en verdriet jou daaglikse kos gaan wees.

As die wolke oopgaan en wegtrek, gaan jou sorg eindig en sal guns en rykdom jou te beurt val.

WONDE

Dit beteken liefde vir 'n persoon van hoë stand en 'n moontlike huwelik daarna.

Vir die sakeman rykdom en voorspoed.

WYN

As jy wyn uit 'n glas drink, is dit 'n teken van gesondheid, rykdom en 'n lang, vooruitstrewende lewe en geluk.

As jy saam met ander mense drink en vrolik is, is dit die voorloper van jou eie huweliksfees. Jy sal trou met die persoon wat jou hart gevange geneem het.

As jy reeds getroud is, is hierdie droom die bewys dat jy baie kinders sal hê wat na jou sal opsien en jou sal bewonder en eerbiedig sal wees.

As jy in die sakewêreld is, sal dit winsgewend wees en eindelijk sal jy onafhanklik wees.

Die droom is ook 'n teken dat enige onenigheid in die familie van korte duur sal wees en dat dit gevolg sal word deur vreugde en eensgesindheid, feesvieringe en pret.

▲ **Terug**

X

Geen inligting

▲ **Terug**

Y

Geen inligting

▲ **Terug**

Z

Geen inligting

▲ **Terug**

Die Einde